

'n Onderzoek na die rol van munisipaliteite in die bevordering van plaaslike ekonomiese ontwikkeling met spesifieke verwysing na die Kaapse Metropol.

Derrick Lottering



**Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad
Magister in Stads – en Streekbeplanning aan die
Universiteit van Stellenbosch**

Studieleier : Me. J.I. Muller
Desember 1999

Verklaring

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van `n graad voorgelê het nie.

oooo

Opsomming

Suid-Afrika het vanaf 1994 'n demokratiese regering, alhoewel daar groot uitdagings bestaan om die grootskaalse armoede en ongelykheid kwessies aan te spreek. Plaaslike ekonomiese ontwikkeling (LED) is 'n relatief nuwe begrip in Suid-Afrika en groot tekortkominge bestaan nog om die LED ontwikkelingstrategie suksesvol toe te pas, alhoewel daar egter reeds gevalle bestaan waar LED wel suksesvol toegepas word. Munisipaliteite is grootliks verantwoordelik gemaak vir die toepassing van LED inisiatiewe. Die manier waarop die beleid toegepas word en of al die verskillende bestanddele bestaan om dit suksesvol toe te pas, kan egter bevraagteken word aangesien die kapasiteit onder die gemeenskap en die finansiële kapasiteit onder die plaaslike owerhede dikwels ontbreek. LED is 'n strategie wat kan werk. Dit is dus belangrik om te leer uit foute en struikelblokke sodat daar maksimaal voordeel getrek kan word uit die voordele wat LED bied.

Daar word in hierdie studie gekyk na die verskillende benaderings tot LED wat bestaan, maar meer belangrik word daar gekyk hoe LED tans op die plaaslike vlak funksioneer. 'n Paar gevallestudies in die Kaapse Metropol is ondersoek en daar is sekere afleidings gemaak. Die gevolgtrekking word onder andere gemaak dat die proses wat gebruik word om LED beleide en projekte te formuleer, voldoende is. Verskeie probleme en struikelblokke bestaan egter wanneer dit kom by die implementering van die LED beleide en projekte. Dit is belangrik dat hierdie struikelblokke geïdentifiseer word sodat daar oplossings gevind kan word daarvoor.

Summary

Although South-Africa has a democratic government since 1994, great challenges exist in addressing disparities and pressing unemployment issues. Local economic development (LED) is a relatively new term in South-Africa and therefore difficulties still exist in the implementation of LED development strategies, although there are cases where LED has in fact been implemented successfully. National government made municipalities responsible for the implementation of LED strategies. The way in which municipalities implement LED strategies and also whether the ingredients exist to implement LED successfully, can be questioned because of a lack of capacity in the community and the lack of financial capacity in the local governments which sometimes exist. The LED strategy to development can work. It is therefore important to learn from our mistakes. Only then can maximal advantage be taken of the advantages that LED offers.

In this study the different approaches towards LED is examined, but more importantly an evaluation is made of how LED is currently functioning on the local level. A few case studies within the Cape Metropolitan Area were investigated and from this certain conclusions were reached. The conclusion is made that the process that is being used to formulate LED policies and projects, is acceptable. A variety of problems are identified when it comes to the way in which LED policies and projects are implemented. It is important to identify these problems, because only then solutions to these problems can be formulated.

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
Verklaring	i
Opsomming	ii
Summary	iii
Erkennings	vii
Lys van Figure en Diagramme	viii
Lys van Afkortings	ix
1. INLEIDING	
1.1 Probleemformulering.....	1
1.2 Doelstellings.....	2
1.3 Metode van ondersoek.....	2
2. VANAF STREEKBEPLANNING NA ONTWIKKELINGSBEPLANNING	
2.1 Die post-koloniale era: Die dominerings van die ekonomiese benadering.....	3
2.2 Die politieke ekonomiese teorie oor ontwikkeling gedurende die 1960's en 1970's.....	5
2.3 Die Humanistiese denkskool	6
3. WAT IS LED?	
3.1 Die oorsprong van Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling.....	8
3.2 Die definisie van LED	9
3.3 Die doelwitte van LED.....	9
3.4 Die gereedheidsfaktore en voorvereistes vir LED.....	11
3.5 Kenmerke van LED.....	14
4. VERSKILLENDE BENADERINGS TOT LED.....	16
4.1 Tradisionele benadering.....	17
4.2 Ondernemingsbenadering.....	18
4.2.1 Privaat-Openbare vennootskappe.....	18
4.2.2 Stedelike ontwikkelingsagentskappe.....	19
4.2.3 Privatisering.....	20

4.3	Stedelike Doeltreffendheidsbenadering	21
4.4	Menslike Hulpbronontwikkeling	21
4.5	Gemeenskapsgebaseerde benadering	22
4.6	Progressiewe Benadering	23
4.7	Verbetering van Plaaslike Infrastruktuur en Dienste	24
4.8	Opleiding en arbeidsmark ondersteuning	26
4.9	Bemagtiging en volhoubaarheid	27
4.10	Bemark die gemeenskap	28
4.11	Ten slotte	30
5.	PLAASLIKE OWERHEDE EN LED	
5.1	Die nuwe rol van plaaslike owerhede en LED	32
5.1.1	Die verskillende rolle van munisipaliteite in LED.....	34
5.2	Die LED beplanningsproses	35
5.3	Die wetlike raamwerk met betrekking tot LED en munisipaliteite	38
5.4	LED aktiwiteite deur munisipaliteite wat bevorder moet word	41
5.4.1	Die versnelling van ontwikkeling.....	41
5.4.2	Die versnelling van grondvrystelling.....	42
5.4.3	Handeldryf met munisipale bates.....	43
5.4.4	Deur munisipale grond en bates in vennootskappe te sit.....	43
5.4.5	Verkryging ("Procurement")	44
5.4.6	SMME ondersteuning.....	45
5.4.7	Verorderinge moet vereenvoudig , toepaslik en LED vriendelik gemaak word.....	45
5.5	LED strukture in die munisipaliteit	46
6.	GEVALLESTUDIES	48
6.1	LED vraelys	50
6.1.1	Vrae oor die algemene LED beleid.....	50
6.1.2	Vrae oor die LED projekte.....	50
6.1.3	Evaluering van die LED beleid en projekte.....	51
6.2	Suid-Skiereiland munisipaliteit	
6.2.1	LED beleid.....	51

6.2.2	LED projekte.....	54
6.2.3	Evaluering van die LED beleid en projekte.....	57
6.3	Kaapstad munisipaliteit	
6.3.1	LED beleid.....	60
6.3.2	LED projekte.....	62
6.3.3	Evaluering van die LED beleid en projekte.....	63
6.4	Tygerberg munisipaliteit	
6.4.1	LED beleid.....	67
6.4.2	LED projekte.....	70
6.4.3	Evaluering van die LED beleid en projekte.....	72
6.5	Oostenberg munisipaliteit	
6.5.1	LED beleid.....	74
6.5.2	LED projekte.....	74
6.5.3	Evaluering van die LED beleid en projekte.....	75
6.6	Lwandle LED projek.....	76
7.	Samevatting.....	79
Bronnelys	84
Bylaag		
Vergelykende tabel van die verskillende munisipale gebiede wat bestudeer is.....		90

Erkennings

Graag wil ek my dank betuig teenoor :

(1) Me. J.I. Muller wat as studieleier waardevolle raad, hulp en belangstelling verleen het.

(2) Die NRF vir hul finansieele bydrae wat my studie moontlik gemaak het.

(3) My gesin vir hulle onvoorwaardelike aanmoediging, onderskraging en liefde.

(4) My Vader in die hemel waarsonder niks moontlik sou wees nie.

oooo

Lys van Figure en Diagramme

Bladsy

Figure

Figuur 1 : Die ruimtelike verspreiding van munisipale gebiede binne die Kaapse Metropool.....	49
---	----

Tabelle

Tabel 1: : Per Kapita Bruto Nasionale Produk vanaf 1960-1990.....	5
---	---

Diagramme

Diagram 1 : Plekbemaking in geselekteerde Suid-Afrikaanse stede.....	29
Diagram 2 : Vier konsepsuele boublokke vir LED wat saam gebruik kan word.....	31
Diagram 3 : Die verskillende dimensies van GOP's.....	40
Diagram 4 : Al die sleutel rolspelers in LED binne die Suid-Skiereiland munisipaliteit.....	52
Diagram 5 : Die verskillende LED areas wat ondersteun moet word deur nasionale-, provinsiale-, en plaaslike regering; die privaatsektor en NGO's.....	54
Diagram 6: LED gebaseerde aksies waarop die Suid-Skiereiland munisipaliteit fokus.....	56
Diagram 7: Eksterne finansieringsbronne vir LED.....	57

Lys van Afkortings

BID	Besigheidsverbetering gebied (" Business improvement district")
BON	Besigheidsgeleentheids Netwerk (" Business opportunity network")
DCD	Departement van Staatkundige Ontwikkeling (" Department of Constitutional Development")
DFA	Wet op Ontwikkelingsfasiliterings (" Development Facilitation Act")
DTI	Departement van Handel en Nywerheid (" Department of Trade and Industry")
EPZ	Uitvoerverwerkingsone (" Export processing zone")
FTZ	Vry ondernemingsone (" Free trade zone")
HOP	Heropbou en ontwikkelingsprogram (" Reconstruction and Development Program")
HRD	Menslike hulpbron ontwikkeling (" Human resource development")
GOP	Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (" Integrated development plan")
IMF	Internasionale monetêre fonds (" International monetary fund")
IWG	Ekonomiese ontwikkeling en toerisme geïntegreerde werksgroep ("Economic development and tourism integrated work group")
KMR	Kaapse Metropolitaanse Raad (" Cape Metropolitan Council")
LDI	Plaaslike ontwikkelingsinisiatief (" Local development initiative")

LDO	Grond ontwikkelingsdoelwitte (" Land development objectives")
LED	Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling (" Local Economic Development")
LEDI	Plaaslike ekonomiese ontwikkelingsinisiatief (" Local economic development inisiatief")
NCOP	Nasionale Raad van Provinsies (" National Council of Provinces")
NGO	Nie-regeringsinstansie (" Non-governmental organisation")
PAWC	Provinsiale Adminstrasie Wes-Kaap ("Provincial Administration Of the Western Cape")
SALGA	Suid-Afrikaanse Plaaslike Regeringsvereniging (" South-African Local Government Association")
SEZ	Spesiale ekonomiese sone (" Special enterprise zone")
SMME	Klein, medium- en mikro onderneming ("Small, medium and micro-enterprise")
SPM	Suid-Skiereiland munisipaliteit (" South Peninsula municipality")
UDC	Stedelike Ontwikkelingskorporasie (" Urban Development Corporation")

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 PROBLEEMFORMULERING

Suid-Afrika se demokratiese transformasie en grootskaalse armoedekrisis vereis die soeke na nuwe vorme van ekonomiese ontwikkeling en werkskepping. Die jare van negatiewe groei en hoë werkloosheidsyfers (30% de jure en in sekere gebiede tot 80% de jure) noodsaak die soeke na nuwe groei alternatiewe. Die nuwe regering erken die noodsaaklikheid van hierdie soeke deurdat dit deur wetgewing en beleidsmaatreels van plaaslike owerhede verwag om plaaslike ekonomiese ontwikkelings (LED)–strategieë te inkorporeer in plaaslike beleide en beleidsdokumente.

Alhoewel die nasionale regeringswetgewing van plaaslike regerings vereis om LED inisiatiewe te inkorporeer in plaaslike beleide, gee die nasionale regering nie veel leiding oor hoe sulke LED aksies moet funksioneer nie. Elke plaaslike owerheid het sy eie unieke probleme en geleenthede met die gevolg dat elke plaaslike owerheid se LED aktiwiteite sal verskil van die volgende een. Die potensiele bydrae wat die nasionale regering kan maak om LED aktiwiteite op die plaaslike vlak te bevorder, is egter groot. Die vraag is egter of hierdie skakeling tussen die verskillende regeringsfere bestaan sodat daar maksimaal voordeel getrek kan word uit al die voordele van plaaslike ekonomiese ontwikkelings strategieë.

LED is nie net nog 'n slagwoord nie. Dit is 'n ontwikkelingstrategie wat kan werk. Dit is reeds in die buiteland genoegsaam bewys. Dit is nou net vir Suid-Afrika om voordeel te trek daaruit. Wat egter ondersoek moet word, is of die regte LED formule in Suid-Afrika gebruik word en ook of die nodige interne organisasie tussen die verskillende regeringsfere en binne plaaslike owerhede bestaan vir LED om te kan werk.

1.2 DOELSTELLING

Die doel van die werkstuk is om eerstens vas te stel watter LED strategieë daar beskikbaar is vir munisipaliteite om hulle onderskeie gebiede se ontwikkeling te bevorder. Die tweede doel van die studie is om dan te kyk watter strategieë tans deur munisipaliteite gebruik word. Die primêre doel van die werkstuk is egter om vas te stel hoe LED tans op die plaaslike vlak funksioneer, sodat sterkpunte en swakhede geïdentifiseer kan word, sterkpunte verder uitgebrei kan word en die probleme opgelos kan word, sodat daar maksimaal voordeel getrek kan word uit LED inisiatiewe.

1.3 METODE VAN ONDERSOEK

Om bogenoemde doelwitte te bereik, bevat die werkstuk eerstens 'n teoretiese oorsig wat poog om die legitimiteit van ontwikkelingsbeplanning, en dus LED as 'n ontwikkelingsbeplanningstrategie, te bewys.

Die derde hoofstuk bevat dan 'n meer in diepte bespreking van wat LED spesifiek behels. Die vierde hoofstuk bespreek die verskillende benaderings en strategieë tot LED. Die vyfde hoofstuk kyk na die nuwe rol van plaaslike owerhede met betrekking tot LED, wat die wetlike raamwerk is waarbinne plaaslike owerhede funksioneer en hoe dit hulle rol beïnvloed as LED strategie implementeerders. Hoofstuk 6 behels dan 'n studie van verskillende munisipaliteite binne die Kaapse Metropolitaanse gebied om te bepaal hoe LED funksioneer op plaaslike owerheidsvlak.

Ter afsluiting is 'n samevatting ingesluit van die bevindinge wat uit hierdie werkstuk na vore getree het en aanbevelings wat gemaak word.

HOOFSTUK 2

VANAF STREEKBEPLANNING NA ONTWIKKELINGSBEPLANNING

Die oorsprong van ontwikkelingsbeplanning word toegeskryf aan die mislukking van streekbeplanning. In hierdie hoofstuk word daar dus gekyk na die skuif vanaf streekbeplanning na ontwikkelingsbeplanning, deur kortliks te kyk na die verloop en kenmerke van die ontwikkelingsdenkskole sedert die einde van die Tweede Wereld Oorlog, asook die negatiewe invloed van hierdie ontwikkelingsdenke op ontwikkeling in baie lande.

2.1 DIE POST - KOLONIALE ERA : DIE DOMINERING VAN DIE EKONOMIESE PERSPEKTIEF

In die post-koloniale era is sentrale beplanning as noodsaaklik beskou om ekonomiese te lei, asook om nuwe nasies te integreer. Hierdie beleid is afgedwing aangesien 'n sentrale gesag en sentrale beheer as 'n voorvereiste beskou is, voordat internasionale ontwikkelingsagentskappe bereid was om groot bedrae geld vir ontwikkeling beskikbaar te stel (Kotze , 1997 : 8).

In ekonomiese terme het ontwikkeling tradisioneel verwys na die kapasiteit van 'n nasionale ekonomie (wie se aanvangsekonomiese toestand min of meer stasies was vir 'n lang periode) om 'n jaarlikse Bruto Nasionale Produk teen 'n koers van 5% tot 7% of meer te genereer en te behou. 'n Algemene alternatiewe ekonomiese indeks van ontwikkeling was om gebruik te maak van inkomste per kapita of per kapita Bruto Nasionale Produk, om sodoende te bepaal wat die vermoë van 'n land is om uitsette vinniger te vermeerder as die groeikoers van die bevolking van die land. Vlakke en koerse van die groei van die reële Bruto Nasionale Produk is normaalweg die maatstaf om algehele ekonomiese welstand van 'n bevolking te meet, naamlik hoeveel reële goedere en dienste is beskikbaar deur die gewone burger vir verbruik en investering (Todaro 1994 : 14).

Eerstens, en die proses wat die meeste gevolg is in ekonomiese ontwikkelingstrategieë, is die industriële sektor gestimuleer. Dit was hoofsaaklik 'n tweeledige benadering waarbinne die tradisionele ekonomie as 'n kompeterende


alternatief gesien was, en invoere was ontwerp om industriële produktiwiteit te skep. Die tweede benadering, wat minder gevolg is, was om die tradisionele sektor van die ekonomie te mobiliseer vir die taak van industrialisasie. Die idee hieragter was dat die armste mense wat gewoon het in die landelike gebiede, 'n potensiële en baie nodige arbeidsmag was. Die aanvaarding van 'n ekonomiese perspektief het twee beslissende implikasies gehad. Eerstens is die kulture, houdings en voorkeure van die mense gesien as potensiële struikelblokke vir ontwikkeling. Die politieke nagevolg hiervan was dat politieke beheer, mag en baie keer militêre beheer geregverdig was om tradisionele instellings te verander (Bryant en White , 1982 : 7).

Teen die einde van die 1960's was min van die ontwikkelingsdoelstellings bereik deur gebruik te maak van sentrale beplanning. In die meeste gevalle was nasionale ontwikkeling net tot die voordeel van klein groepe, as gevolg van voorkeur behandeling. Veral die politieke en ekonomiese landelike – en stedelike elite is hierdeur bevoordeel. Die gaping in die inkomste tussen ryk en arm het vergroot , die lewensstandaard van die meerderheid van die Derde Wereld bevolkings het afgeneem, en absolute armoede het toegeneem (Kotze , 1997 : 9).

Die ervaring van die 1950's en 1960's, waar baie ontwikkelende lande hulle ekonomiese doelstellings gerealiseer het, terwyl die lewensstandaarde van die massas onveranderd gebly het, het aangetoon dat iets fout was met hierdie eng definisie van ontwikkeling. Met tyd het die sterkste kritiek vanuit die ontwikkelende lande self gekom, veral vanaf groepe binne Suid-Amerika, wat geglo het militêre beheer het 'n te groot menslike koste tot gevolg gehad. Hulle was primêr besorg oor die impak van politieke dwang op die sosiale struktuur van die land. Sommiges het geargumenteer dat groei gedurende die 1970's afgeneem het, gemeet aan die inkomste van die armste mense in die ontwikkelende lande, waar groei in sommige lande stadiger was as die bevolkingsgroeikoers . Die stadige groeikoers word in tabel 1 uitgebeeld. Die differensieële toename in bevolking beteken dat die werklike gaping in per kapita inkomste tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande jaarliks toeneem met 3,8% (Bryant en White , 1982 : 7).

Tabel 1 : Per Kapita Bruto Nasionale Produk vanaf 1960-1990.

Bron : Bryant en White, 1982 : 7-9.



2.2 DIE POLITIEKE EKONOMIESE TEORIEË OOR ONTWIKKELING

GEDURENDE DIE 1960'S EN 1970'S

Die hoofuitgangspunt hier was dat ekonomiese kwessies slegs verstaan kan word in die konteks van die politieke werklikheid. Politieke vrae oor hulpbroneienaarskap, mag, en distribusie het volgens hierdie teorieë 'n groot invloed op die proses van ontwikkeling uitgeoefen en hierdie teorieë kom op twee hoof gevolgtrekkings uit :

- Eerstens is groei en ontwikkeling afsonderlike, maar tog verwante prosesse. Groei word hier met werklike produksie en groter uitsette geassosieer, terwyl ontwikkeling aan die ander kant gedefinieer kan word as die kapasiteit vir produksie. Die waarde van hierdie onderskeiding is dat kapasiteit afhang van die strukture in die samelewing, en om kapasiteit te vermeerder moet die strukture verander word.
- Die tweede gevolgtrekking van hierdie politieke ekonomie is die nuwe verhouding tussen produksie en verspreiding. Die soort produksie wat gekies word en die manier waarop die produksie georganiseer word, het 'n direkte effek op wie bevoordeel sou word deur 'n toename in produktiwiteit. Ekonomie het vanaf die middel 1970's begin bewys dat herverspreiding moontlik was sonder om groei prys te gee, en aangesien gelykheid nou 'n doelwit was, kon ontwikkeling gedefinieer word om herverspreiding

in te sluit. Positiewe aksies is nodig om konsentrasies van rykdom te beperk, naamlik aksies soos opvoeding , grondhervorming en herverspreiding van belasting (Bryant en White , 1982 : 10).

2.3 DIE HUMANISTIESE DENKSKOOL

Gedurende die vroeë 1980's is besef dat om die ontwikkelingsproses te verstaan, 'n groter ontleding nodig is van die kompleksiteit van spesifieke omstandighede, insluitende die sosio-ekonomiese, kulturele, en ekologiese omstandighede, sowel as die bestaande institusionele raamwerk van 'n land en die relevante eksterne en interne konteks. Tesame met die besef dat nuwe inligting nodig is om die ontwikkelingsproses beter te verstaan, was daar ook 'n verskuiwing in ontwikkelingsdoelwitte. Daar was 'n toenemende tendens na distributiewe geregtigheid, die uitwissing van massa armoede, en om ander sosio-ekonomiese, kulturele, ekologiese, en geo-politieke doelwitte in te sluit as essensiële komponente van die kontemporêre paradigma van nasionale ontwikkeling (Kotze , 1997 : 10).

Tot die middel 1980's het Westerse epistemologie eksklusief ontwikkelingsdenke wêreldwyd regeer. In die laat 1980's het daar 'n gelyktydige belangstelling ontstaan in vier velde wat verband hou met mekaar, naamlik die geïntegreerde aard van die ontwikkelingsproses, 'n tentatiewe holistiese benadering tot ontwikkelingsdenke, die belangrikheid van konteks om ontwikkelingsprobleme te verstaan, en die verhouding tussen ontwikkeling en die omgewing. Bryant en White (1982 ; 14 – 19) se analise van ontwikkeling inkorporeer die ekonomiese, analitiese en normatiewe benaderings tot ontwikkeling deur te let op die toestand van ("being") en veral betrokkenheid of aksie ("doing ") by ontwikkeling. Ontwikkeling omvat volgens hulle die volgende vyf elemente:

- 'n Veralgemeende siening moet bestaan oor die vermoë van individue, gemeenskappe en nasies om toenemend hulle eie toekoms te bepaal. Ekonomiese produksievermoë (produksie en groei) sowel as politieke en sosiale instellings vir ontwikkeling, asook verhoging van menslike eie waarde, word onder die vermoë van ontwikkeling ingesluit ;
- Die gelykberegtende element van ontwikkeling inkorporeer die distributiewe en geregtighedsbenadering, dit wil sê, 'n normatiewe element ;

- Bedingingsmag ("empowerment") vir die armes en minderbevoorregtes, wat van magsdeelname uitgesluit is, word as die derde element genoem. Slegs deur bedingingsmag vir minderbevoorregtes kan ongelukheid uitgeskakel word en die vermoë by hulle geskep word om dit te doen ;
- Die element van standhoudendheid (deurvoerbaarheid, volhoubaarheid ("sustainability")) behels die toekomstige voortsetting van produksie met inagneming van die benutting van natuurlike grondstowwe en ekologiese en omgewingsoorwegings.
- Interafhanklikheid behels volgens hierdie skrywers die wederkerigheidselement tussen nywerheidslande en minder ontwikkelde lande. Die struktureel-funksionele stelselbenadering sowel as die afhanklikheidsdenke word hieronder ingesluit. Toenemende wedersydse afhanklikheid word as gegewe werklikheid vir ontwikkeling gesien en aanvaarding daarvan as vereiste gestel (Bryant en White ,1982 : 14-19).

Daar is `n duidelike balans tussen, aan die een kant, die geïntegreerde aard van ontwikkelingsprobleme, `n holistiese benadering tot ontwikkeling en die belangrikheid van konteks in ontwikkeling, en, aan die ander kant, die sisteem van volhoubare ontwikkeling (Kotze , 1997 : 12). Hierdie gedeelte word vervolgens afgesluit met een van die beter definisies oor wat ontwikkeling moet wees. Die definisie kom uit Burkey se boek : People First (1993 :31). Die definisie lui as volg:

"Development should be need-oriented, geared to meeting both material and non-material human needs; endogenous, stemming from the heart of each society; self-reliant, implying that each society relies primarily on its own strength and resources; ecologically sound, utilising rationally the resources of the biosphere, and based on structural transformation as an integrated whole. The direction of this structural transformation is indicated by the normative content of the other four points. This implies that there is no universal path to development. Every society must find its own strategy "

HOOFSTUK 3

WAT IS LED?

3.1 DIE OORSPRONG VAN PLAASLIKE EKONOMIESE ONTWIKKELING (LED)

Die oorsprong van LED internasionaal kan toegeskryf word aan die vinnige ekonomiese agteruitgang, die verval van die midde-stad, en agterlike infrastruktuur in meeste Europese stede aan die einde van die 1970's en die vroeë 1980's. Gedurende hierdie tydperk het meeste plaaslike en streeksregerings kwalitatief nuwe benaderings ontwikkel vir die bestuur van hulle plaaslike ekonomieë. Hierdie verandering is beklemtoon deur die hoogs proaktiewe rol van plaaslike regerings in die plaaslike ekonomie, wat gevolglik bekend begin staan het as LED. Binne 'n baie kort tydperk het 'n positiewe ommeswaai plaasgevind en is baie van die bovermelde probleme in stede aangespreek. Hierdie ommeswaai was direk toegeskryf aan die LED formule (Pieterse , 1998 : 5).

Binne Suid-Afrika het die land se demokratiese transformasie en grootskaalse armoede die soektog na nuwe vorme van ekonomiese ontwikkeling en werkskepping beide toegelaat en gefasiliteer. Die jare van negatiewe en stadige groei, hoë werkloosheid, hoë absolute armoede vlakke, en behuisingstekorte het die soektog na nuwe groei alternatiewe verplig. 'n Resultaat hiervan was dat verskeie gemeenskapsgroepe, nie-regeringsorganisasies (NGO'S), en plaaslike regerings programme ontwerp het om werk te skep, inkomste te genereer, en investering te lok na gebiede waar dit nodig was (Nel , 1998 : 6). Die vraag kan egter gevra word of die LED formule wat so suksesvol toegepas is in die buiteland ook suksesvol toegepas kan word in Suid-Afrika.

In sy openingstoespraak aan die parlement in 1996 het President Mandela die behoefte beklemtoon om werksgeleenthede in Suid-Afrika te skep (LED News , 1996 : 1). Die druk wat geplaas is op plaaslike regerings deur die Grondwet en die Oorgangswet op Plaaslike Regerings no 209 van 1993 om deel te neem aan die sosiale en ekonomiese ontwikkeling van hul gebiede, het die fokus geplaas op die idee van LED in Suid-Afrika (Economic and Social Development Committee , 1997 : 1).

3.2 DIE DEFINISIE VAN LED

Alhoewel daar nie ´n enkele definisie bestaan vir LED nie, gee die verskillende definisies wat deur verskillende skrywers verskaf word, meer duidelikheid oor wat die konsep beteken (LED News ,1997 : 1). In Nel (1998:5) definieer Zaaijer en Sara LED as ´n proses waarin plaaslike regerings en gemeenskapsgebaseerde groepe hulle bestaande hulpbronne bestuur, en ook toetree tot vennootskappe met die privaatsektor, of met mekaar, om nuwe werksgeleenthede te skep asook om ekonomiese aktiwiteite in hul ekonomiese gebied te stimuleer .

In LED News(1997:1) verwys LED volgens Bennett na sub-nasionale aksie, gewoonlik sub-staat en sub-streek, wat plaasvind binne die konteks van die plaaslike arbeidsmark. Sulke aksies kan geïnisieer en gelei word deur ´n wye reeks organisasies wat strek vanaf statutêre tot nie-statutêre organisasies of, alternatiewelik, ´n vennootskap van sleutel rolspelers. Volgens Nel (1998 : 5) verwys LED na ´n toegepaste ekonomiese ontwikkelingstrategie wat poog om plek-spesifieke behoeftes aan te spreek deur plaaslike oplossings .

LED handel oor plaaslike mense wat besluit om beheer te neem van die toekoms van hul gemeenskap met betrekking tot die ekonomie en werksgeleenthede. Dit handel oor die soeke na konsensus rondom ontwikkelingskwessies op die plaaslike vlak (NBI Document , Undated : 2). Dit is ´n proses waarin gemeenskapshulpbronne en geleenthede geïdentifiseer en ingespan word om volhoubare ekonomiese aktiwiteite en werksgeleenthede te stimuleer. LED handel basies oor gemeenskappe wat gebruik maak van hul menslike, asook vergelykende voordele, om hul ontwikkelings - geleenthede, werksgeleenthede en kwaliteit van lewe te verbeter (NBI , 1996 : 2).

3.3 DIE DOELWITTE VAN LED

Die transformasie fase na ´n demokratiese gemeenskap in Suid-Afrika is gekenmerk deur die verval van "top-down" streekontwikkelingsbeplanning en die opkoms van plaaslike ekonomiese ontwikkelingsinisiatiewe. Sentrale regeringsbeheer oor plaaslike ontwikkelingsbeplanning is verminder, waar plaaslike gebiede groter beheer neem oor sulke LED inisiatiewe (Maharaj en Ramballi , 1998 : 132). Een van die grootste doelwitte van LED is dus sekerlik om die besef aan plaaslike owerheidsfere en gemeenskappe oor te dra dat hulle vir hulle eie ontwikkeling verantwoordelik is. Hierdie stelling word dan ook indirek deur Maharaj en Ramballi

(1998 : 132) gestaaft wanneer hulle die sentrale staat se onvermoë beklemtoon om by te dra tot die sosiale ondersteuning en welvaart dienste wat noodsaaklik is om die ongelykhede aan te spreek wat deur Apartheid veroorsaak was, wat die staat geforseer het om meer verantwoordelikheid op die plaaslike regering en die privaatsektor te plaas om te help om die probleme aan te spreek.

Daar is nie 'n eenvoudige LED strategie wat universeel toepasbaar is nie. Dit beteken egter nie dat die nasionale regering nie 'n groot rol kan speel om die LED proses te vergemaklik vir plaaslike owerhede nie. Die nasionale regering kan byvoorbeeld 'n groot rol speel om interne prosedures te vergemaklik sodat die LED proses bespoedig kan word. Later meer hieroor. Elke gemeenskap moet sy eie unieke plan van aksie ontwerp, alhoewel daar ook algemene doelwitte van LED geïdentifiseer kan word (NBI ,1996 : 3). In 1995 het die Nasionale Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP) se kantoor die volgende doelwitte van LED geïdentifiseer:

- Strategiese planne word geformuleer wat ten doel het die herstrukturering van die plaaslike ekonomie, met inaggenome veranderinge in die nasionale en internasionale politieke ekonomie ;
- Privaat investering moet bevorder word, en die plaaslike belastingbasis moet vergroot word (soos wat dit in hoofstuk 5 na vore kom, kan bogenoemde egter problematies wees omdat potensiele investeerders na die gebied ontmoedig kan word hierdeur) ;
- Openbare, private en gemeenskapshulpbronne moet gemobiliseer word ;

Deelnemende ontwikkeling op gemeenskapsvlak moet bevorder word deur die verantwoordbaarheid van verkose verteenwoordigers te vergroot, hul rolle en verantwoordelikhede te herdefinieer, effektiwiteit te verbeter, en laastens om gemeenskapsdeelname en demokratiese insette in die beleidmakingsproses te verbeter (Planact(a) , Undated : 189).

Die volgende verdere doelwitte van LED word ook deur die NBI (1996 : 3) geïdentifiseer :

- Plaaslike vergelykende voordele moet geïdentifiseer word ;
- Daar moet 'n toename geskep word in die kwaliteit en kwantiteit van plaaslike werkseleenthede, wat sekerlik as een van die belangrikste doelwitte van LED gesien word ;

- meer geld moet in die gemeenskap ingebring word ;
- Geld moet plaaslik gesirkuleer word en dit moet ook daar behou word ;
- Nuwe mark geleenthede moet geïdentifiseer word ;
- Die plaaslike mense se vaardighede moet ontwikkel word ;
- Nuwe hulpbronne moet gevind word asook nuwe gebruike vir hulpbronne ;
- Bestaande hulpbronne moet meer effektief gebruik word .

Om op te som:

Die doelwit van LED is om ekonomiese groei en werkskepping te fasiliteer, asook om 'n gemeenskap se vermoë te vergroot om groter beheer te neem oor sy eie ekonomiese toekoms, deur plaaslike hulpbronne effektief aan te wend. Dit is ook 'n doelwit om nuwe hulpbronne na die plaaslike gebied te lok, wat kan help om nuwe werkseleenthede te skep en sodoende die lewenskwaliteit van die plaaslike gemeenskap te verbeter. Bogenoemde doelwitte word genoodsaak as 'n alternatief vir sentrale staatsbevondsing, aangesien die staat nie oor die kapitaal kapasiteit beskik om ten volle verantwoordelik te wees vir die welsyn van sy inwoners nie. Plaaslike mense is dus in 'n groot mate verantwoordelik om vir hulself 'n beter lewenskwaliteit te skep.

3.4 DIE GEREEDHEIDSFAKTORE EN VOORVEREISTES VIR LED

Volgens Seasons in Plan Canada (1994 : 18) bestaan daar verskeie indikatore wat aantoon of leiers gereed is vir 'n self-help gemeenskapsontwikkelingsproses. Die volgende gereedheidsfaktore word geïdentifiseer :

- Die gemeenskap is moeg van mislukte pogings deur die regering en die privaatsektor ;
- Die gemeenskap is bereid om risikos te neem, is nie bang vir sukses of mislukking nie, en is bereid om met nuwe idees te eksperimenteer ;
- Daar bestaan 'n gedeelde droom waarmee alle inwoners kan identifiseer ;
- Die gemeenskap het leiers met 'n wye reeks van vaardighede. Sommige leiers is goeie inisieerders met idees en 'n visie, terwyl ander leiers die toewyding, vaardighede en fokus het om ambisieuse projekte uit te voer ;

- Die mense wat die leierskap neem het geloofwaardigheid in die oë van die gemeenskap ;
- Inwoners is bereid om privaat kapitaal in die gemeenskap te belê, terwyl gemeenskapsleiers altyd uitkyk vir nuwe geleenthede ;
- Die gemeenskap is gedetermineer om oor die langtermyn aan die proses deel te neem. Almal glo aan die proses en almal word ook die geleentheid gegee om deel te neem ;
- Menslike hulpbronne is beskikbaar om die vele take aan te vat wat geassosieer word met die gemeenskapsontwikkelingsproses soos byvoorbeeld navorsing, administrasie fasilitering, media verhoudinge, implementering en projekbestuur ;
- Die plaaslike regering ondersteun die gemeenskap, is bereid om te investeer, en is gereed om projekte en programme te implementeer ;
- Die gemeenskap verstaan strategiese beplanning en die waarde van die beplanningsproses ;
- Die gemeenskap is bereid om op streeksvlak saam te werk en stel ook belang in multi-gemeenskapsvennootskappe ;
- Die gemeenskap erken dat dit moet differensieer om kompetend te wees in die globale markplek .

Volgens Nel (1994 : 370) bepaal die plaaslike omstandighede en individue asook die spesifieke ekonomiese konteks die tipe strategie wat aangeneem behoort te word. Die meer algemene interne en eksterne voorvereistes vir Plaaslike Ontwikkelingsinisiatiewe (LDI's) word vervolgens genoem. Die interne voorvereistes volgens Nel is as volg:

- LDI's word dikwels (tog nie altyd nie) toegepas in reaksie op spesifieke ekonomiese probleme wat bestaan in `n spesifieke gebied. Die krisis kan deïndustrialisasie, resessie of industriële herstrukturering wees. Dit kan `n spesifieke gebeurtenis wees soos byvoorbeeld die toemaak van `n fabriek, of `n probleem wat oor `n geruime tyd reeds bestaan, byvoorbeeld die probleem van onderontwikkeling en stagnasie ;

- Plaaslike leiers en verteenwoordigers wat geloofwaardigheid onder die gemeenskap geniet, is in 'n posisie om beleidsbesluite te beïnvloed. 'n Politieke ooreenkoms moet tussen die verskeie deelnemers en leiers ontstaan, asook 'n gedeelde visie binne die gemeenskap;
- Realistiese sosiale vergoeding en voordele, asook 'n sin van sosiale verantwoordelikheid moet bestaan in die opstel van ontwikkelingsdoelwitte. Die geaffekteerde gemeenskap moet 'n positiewe visie vir die toekoms hê ;
- Daar moet samewerking wees tussen privaat en openbare organisasies. Die inisiatief om LDI's te begin, lê by plaaslike owerhede, vrywillige organisasies, ontwikkelingsagentskappe, en die private sektor ;
- Gesamentlike ondernemings moet tussen firmas geskep word, en die deel van hulpbronne en personeel is essensieel. Wat benodig word, is nie kompetisie nie, maar wel 'n komplekse stelsel van sub-kontraktering, koöperasie, en wedersydse vertroue ;
- Demokratiese en verteenwoordigende besluitneming is 'n verdere voorvereiste. Die ideaal is dat die gemeenskap 'n hoë mate van kohesie moet hê, asook 'n gemeenskaplike doel, sosiale bewustheid en 'n gevoel van lojaliteit teenoor die gemeenskap ;
- Institusionele oorplasing van inligting, hulpbronne, finansies asook vaardighede binne die gemeenskap word ook vereis. 'n Plaaslike agentskap moet 'n koördinerende rol vervul ;
- 'n Plaaslike voorraad van vaardighede wat beskikbaar is, asook 'n entrepreneurskap dryfgees binne die gemeenskap word vereis ;
- Daar moet blootstelling wees aan innoverende en aanpasbare tegnologie binne die struktuur van die plaaslike ekonomie ;
- Die bevordering van 'n gesonde dorpsbeeld wat gebaseer word op die gebied se unieke eienskappe en voordele is ook nodig. Hierdeur kan die gemeenskap verenig word en kan daar dan gefokus word op ontwikkelingsbeplanning ;
- Munisipale ondersteuning in die voorsiening van beskikbare plaaslike finansiering word ook vereis deur byvoorbeeld die voorsiening van klein lenings aan opkomende besigheidspersone of deur borg te staan vir eksterne lenings.

Die volgende eksterne voorvereistes is ook deur Nel (1994:370) geïdentifiseer :

- Die sentrale regering moet nie beperkend wees nie, en moet potensieële hindernisse tot die minimum beperk ;
- Die delegasie van besluitnemingsmagte aan plaaslike regerings verhoog die mate van bewustheid van plaaslike behoeftes, en dus moet regerings buigbaar wees in sulke situasies ;
- Nog `n belangrike voorvereiste is dat regerings finansiering en lenings moet ondersteun asook die gesamentlike finansiering van plaaslike ontwikkelingsforums, tegnologie, en navorsing oor die spesifieke plaaslike gebied ;
- Regerings moet ook fokus op sosiale prioriteite soos die voorsiening van geskikte onderwys ;
- Regeringsbystand aan die armer gebiede moet `n hoë prioriteit geniet, veral in daardie gebiede waar die kanse vir LDI's die kleinste is .

Dit is heel onwaarskynlik dat een gebied aan al bogenoemde voorvereistes sal voldoen, veral omrede elke gebied sy eie unieke konteks het met sy eie unieke probleme en voordele (Nel , 1994 : 370) .

3.5 KENMERKE VAN LED

LED verwys net na een tipe strategie wat gebruik kan word om `n gebied se sosio – ekonomiese probleme op te los, en dus is dit nodig om te kyk na die onderskeidende kenmerke van LED, wat baie nou skakel met die doelwitte van LED. Daar word vervolgens gekyk na die kenmerke van LED soos uiteengesit in `n dokument van die organisasie "National Business Initiative" (NBI, Undated : 4) :

- Werkloosheid is Suid-Afrika se grootste ontwikkelingsuitdaging en dus is een van die kenmerke van LED dat dit poog om plaaslike werkseleenthede en inkomste te skep ;
- Die maksimering van plaaslike eienaarskap, verantwoordelikheid, leierskap, besluitneming en keuse is nog `n kenmerk van LED ;

- Binne LED vind daar ook 'n vermenging plaas tussen ekonomiese en werkskeppingsgeleenthede wat gebaseer is op 'n realistiese erkenning van plaaslike kragte, swakhede en geleenthede ;
- Plaaslike hulpbronne, vaardighede en geleenthede word gebruik ;
- 'n Alomvattende en geïntegreerde benadering tot ontwikkeling word geskep ;
 - Vennotskappe word geskep tussen alle relevante sektore en belangegroepes binne die gemeenskap, insluitende besighede, arbeid, gemeenskapsgroepe en alle vlakke van die regering ;
- Gesamentlike inisiatiewe en besigheidsverbindings word ontwikkel ;
- Die plaaslike ekonomie word so geherstruktoreer om positief te reageer op veranderinge in die provinsiale, nasionale en globale ekonomieë ;
 - "Bottom-up" inisiatiewe word ontwerp wat provinsiale en nasionale beleide komplimenteer ;
- Gemeenskapsontwikkelingsprogramme wat plaaslike mense bemagtig (veral agtergeblewe gemeenskappe) word gebruik en hul kapasiteit en entrepreneurskapsvaardighede word versterk sodat hulle by veranderende ekonomiese omstandighede kan aanpas en oorleef (NBI Document , Undated : 3-4).

HOOFSTUK 4

VERSKILLENDE BENADERINGS TOT LED

LED programme behoort gekoördineerde aksieplanne en strategieë te bevat om die lewenskwaliteit van die armes te verbeter en werkskepping en inkomste genererende projekte te skep. Die benadering tot beplanning en implementering moet so aangepas word om die behoeftes en omstandighede van die armoedige gemeenskappe in ag te neem (LED News , 1996 : 3).

Daar is groot belangstelling in die tipe beleide wat aangeneem kan word om LED in plattelandse gebiede te stimuleer. Hierdie belangstelling kan grootliks toegeskryf word aan die behoefte om plattelandse gebiede te transformeer en in die na-Apartheid periode te stimuleer; om die inkomste en werkskeppings-geleenthede van die plaaslike inwoners te stimuleer; om die ontwikkeling van klein besighede wat deur plaaslike inwoners besit word, moontlik te maak, waar die plaaslike inwoners in die verlede uitgesluit was by enige ekonomiese aktiwiteite; en om toegang tot werksgeleenthede te skep. Die meeste geleenthede sal steeds buite hierdie plattelandse gemeenskappe wees, maar tog is dit belangrik om te kyk watter aksies geneem kan word binne en naby aan hierdie gebiede (Development Southern Africa, 1997:44). Die volgende benaderings is van toepassing op plattelandse gemeenskappe.

Plaaslike regering moet saamwerk met gemeenskapsgebaseerde organisasies sodat behoeftes bepaal kan word; daar prioriteite gestel kan word; en daar verantwoordelikheid geneem kan word vir die voorsiening van basiese dienste. Die tradisionele leiers moet daarna streef om konsensus te bewerkstellig rondom plaaslike ontwikkelingsbehoefte asook strategieë om die behoeftes te bevredig. Volhoubare ontwikkeling moet bemark word sodat basiese omgewings – en sosio – ekonomiese dienste gelewer kan word, sonder om die lewensvatbaarheid en die bestaan van natuurlike en sosioale sisteme te bedreig. Om die grootskaalse agterstand van plattelandse gemeenskappe te verbreek, moet daar in die infrastruktuur van hierdie gebiede geïnvesteer word (LED News 1996 : 3).

Die openbare en privaatsektor kan hier deur middel van groot kapitaal – intensiewe programme, institusionele en tegnologiese ontwikkeling 'n kritieke rol vervul. Die

kapasiteitsbou – benadering kan ook gemeenskappe bemagtig om hul eie ontwikkeling te dryf. Die op-en uitbou van plaaslike inligtingsisteme is ook belangrik in die proses van ontwikkelingsbeplanning, waarneming en evaluering (LED News, 1996 : 3).

Verskeie ander benaderings wat gevolg kan word, is ook reeds in die internasionale arena geïdentifiseer.

4.1 TRADISIONELE BENADERING

Tradisionele Plaaslike Ekonomiese Inisiatiewe (LEDI's) konsentreer op die verbetering en die bemaking van die aantreklikheid van 'n plaaslike gebied, deur konsessies aan te bied aan groot industriële of vervaardigingsmaatskappye deur byvoorbeeld besigheidskoste te verminder en om 'n investeringsvriendelike beeld te skep. Aansporingsmaatreëls of konsessies sluit in laer belasting, goedkoop grond, uitvoerverwerkings-sones (EPZ's), vry ondernemingsones (FTZ's), lae rente lenings en gewaarborgde lenings wat kapitaal kostes verminder. Maatreëls om die aantreklikheid van gebiede te verbeter sluit in baie duur eiendomsontwikkelings soos byvoorbeeld die Kaapse Waterfront (Collinge , 1992 : 69).

Die stede van na-Apartheid Suid-Afrika dien as goeie gevallestudies van die soort LED strategie wat gebaseer word op die stad se verhoogde aantreklikheid in die sfere van konsumpsie of inligtingverwerkingsaktiwiteite. Die plaaslike administrasie in Johannesburg streef byvoorbeeld daarna om die stad te ontwikkel as 'n "wêreld stad" deur 'n verskeidenheid van strategieë wat mik op die aanmoediging van kultuur, sport en toerisme, sowel as finansieel diensaktiwiteite en die attraksie van die hoofkwartiere van groot privaatsektor en internasionale agentskappe (Rogerson , 1995 : 7). Hoe suksesvol hierdie strategie is, is egter 'n ander vraag.

'n Spesifieke vorm van die verbetering van die plaaslike aanloklikheid van 'n gebied ("boosterism") is die promosie van uitvoerverwerkingsones (EPZ's) of spesiale ekonomiese sones (SEZ's) wat ontwerp is om mobiele internasionale vervaardigingskapitaal te bekom (Rogerson, 1995: 7). EPZ's is egter 'n kontroversiële benadering tot ekonomiese ontwikkeling, wat tot gemengde internasionale suksesse gelei het. Volgens Finance Week (1994 : 7) is een van die grootste probleme met EPZ's dat dit voorkeur gee aan eksterne beleggings eerder as om van plaaslike hulpbronne en kapasiteit gebruik te maak.

Die langtermyn lewensvatbaarheid van hierdie LED benadering, waar plaaslike gebiede aktief kompeteer met mekaar vir 'n beperkte poel van mobiele vervaardigings-kapitaal, kan bevraagteken word. Hierdie projekte fokus ook op groot projekte wat baie duur is (Planact (b) , Undated : 190).

4.2 ONDERNEMINGSBENADERING

Hierdie benadering kan beskou word as 'n gevolg van die mislukking van die tradisionele benadering (Planact (b) , Undated : 190). Die ondernemingsbenadering tot LED beklemtoon die belangrikheid van plaaslike kompeterende voordele en klein besighede in werkskepping. Die plaaslike regering speel 'n proaktiewe rol in die identifisering van bestaande en potensiële groei sektore, asook in die ondersteuning van plaaslike besighede deur navorsing, lenings, toegewings, konsultasie en tegniese infrastruktuur (Department of Constitutional Development , 1997 : 8). Binne die domein van die ondernemingsbenadering, kan die volgende strategieë geïdentifiseer word :

4.2.1 PRIVAAT-OPENBARE VENNOOTSKAPPE

Soos wat die naam voorstel, behels privaat-openbare vennootskappe formele ooreenkomste / kontrakte tussen die plaaslike privaatsektor en die plaaslike regering rondom die kwessies van ontwikkeling (CMC , 1998 : 4). Die skaal en fokus van sulke vennootskappe is gemik daarop om spesifieke projekte te implementeer, terwyl ander net dien as 'n manier om dialoog tussen die verskillende rolspelers in die stad aan die gang te hou (Finance Week , 1994 : 7). Nog 'n belangrike element van hierdie vennootskap tussen private – en openbare organisasies, is dat die idee van die verbetering van die plaaslike aanloklikheid ("boosterism") geïntegreer word in hierdie verhoudinge, aangesien die plaaslike regering sy magte gebruik om eksterne bevondsingsbronne te lok, asook vir die skepping van nuwe direkte investering en nuwe werksgeleenthede. Die openbare ondersteuning van privaat ontwikkeling geskied omrede daar aangeneem word dat dit openbare voordele tot gevolg sal hê, wat as 'n funksie van die plaaslike regering beskou word (Khan,1996: 216).

'n Integrale deel van die openbare-privaatsektor samewerkingsproses is die stigting van ontwikkelingsagentskappe om ontwikkeling te bestuur. Hierdie agentskappe het

’n stel duidelik gedefinieerde doelwitte (wat ontwikkel word deur gebruik te maak van die strategiese beplanningsproses), wat hulle help om te fokus op die prioriteite en om die beste gebruik te maak van gemeenskapshulpbronne. Samewerking tussen die openbare-en privaatsektore maak dit moontlik dat gebiede wat ’n behoefte het aan ontwikkeling, gestimuleer word deur die voorsiening van private kapitaal (Cape Town City Council , 1987 : 12-13).

’n Groot punt van kritiek teen die vorming van openbare-privaat vennootskappe is dat die beplanning gedoen word deur die plaaslike regerings wat hulle magte gebruik om korporatiewe planne te fasiliteer. Munisipale demokrasie en sosiale beheer oor ontwikkeling word verminder aangesien besighede groter beheer kry oor openbare hulpbron-toekenning en aangesien die ekonomiese ontwikkelingsbeleid verwyder word uit die kanale van die plaaslike regering en in die hande geplaas word van die openbare-privaat ontwikkelingsagentskappe (Khan , 1996 : 216) .

4.2.2 STEDELIKE ONTWIKKELINGSAGENTSAPPE (UDC’s)

Die aktiwiteite van openbare-privaat vennootskappe volg essensieel die ondernemingsbenadering waar die openbare sektor in baie gevalle die risikos neem en die privaatsektor die voordele geniet . Die institusionele vorm wat dit gewoonlik aanneem, is Stedelike Ontwikkelingsagentskappe(UDC’s). UDC’s is quasi-regeringsliggame wat gestig en finansieel onderhou word deur die sentrale regering (Khan , 1996 : 217). Hierdie instellings funksioneer spesifiek om die privaat investering na die stad te lok deur aansporingsmaatreels en ander maatstawwe (Cape Metropolitan Council , 1998 :4).

UDC’s is enkel-doel agentskappe wat funksioneer buite plaaslike politieke invloed en is ook meer bewus van mark geleentheid as gevolg van hulle bestuurs-en tegnokratiese vaardighede. UDC’s word gebaseer op mark investeringskriteria en welvaartskepping, en nie op openbare beplanning, gemeenskapsbeheer of sosiale welvaart nie . Daar is wel plaaslike regering rolspelers wat dien op UDC liggame, maar hulle dien in hulle persoonlike kapasiteit, en nie as verteenwoordigers van die plaaslike gemeenskap nie (Khan , 1996 : 217).

Privaat ontwikkelaars verkies UDC’s aangesien hulle strukturele onafhanklikheid het vanaf die regering, daar privaatheid is in onderhandelinge, vinnige koördinasie is van

openbare en private hulpbronne, en laastens is daar maklike toegang vir die privaat ontwikkelaars tot openbare amptenare. Die suksesse van UDC's om die breë doelwitte van stedelike hernuwing en werkskepping te inisiëer, is gemeng. Alhoewel dit lyk asof hulle effektief is in die stimulering, inisiëring en die bespoediging van ontwikkeling, word hulle gekritiseer dat hulle onvertegenwoordigend en onverantwoordbaar is en dat hulle soms dien as 'n skadu regering wat belangrike besluite neem wat burgers beïnvloed. UDC projekte het ook soms 'n noue sektorale fokus wat gesentreer word rondom finansieële dienste en die konstruksie van hoë inkomste residensieële gebiede (Khan , 1996 : 218). Ondervinding wys egter ook dat UDC's werkseleenthede kan skep, behuising kan verbeter, asook 'n beter stedelike omgewing kan skep (Finance Week , 1996 : 7).

4.2.3 PRIVATISERING

Die ondernemingsbenadering fokus op deregulasie en privatisasie. In die VSA en Brittanje neem privatisasie verskillende vorme aan, naamlik :

- Openbare funksies word geëlimineer of dit word oorgedra na die privaat sektor ;
- Daar vind 'n verskuiwing plaas in die produksie en aflewering van goedere vanaf die openbare na die privaatsektor, maar daar word nog steeds gebruik gemaak van openbare finansiering ;
- Bate word verkoop (openbare grond, infrastruktuur en ondernemings) ;
- Dienste word gedereguleer (Khan , 1996 : 219) .

Daar word geargumenteer dat privatisering katastrofiese nagevolge het vir die armes met betrekking tot toegang tot sosiale dienste. Daar is egter 'n paar voorbeelde waar dit spesifiek gebruik word om dienste aan agtergeblewe gemeenskappe te voorsien, wat in elk geval uitgesluit was van die dienste voorsieningsproses. In sulke gevalle word inwoners van hierdie agtergeblewe gemeenskappe, die privaatsektor en die plaaslike regering saamgebring (CMC, 1998 : 5). Die kritieke kwessie is om privatisering te verbind met plaaslike strategieë vir werkskepping, klein besigheidsonwikkeling en ekonomiese groei. Toegang tot kapitaal-markte en krediet –markte is baie belangrik om sukses te behaal (Finance Week , 1994 : 7).

In die Derde Wêreld kom privatisering vir hoofsaaklik twee redes voor :

- Daar is net eenvoudig nie genoeg geld om regeringsaktiwiteite te onderhou nie ;
- Daar is ook druk vanaf die Internasionale Monetêre Fonds en Wereldbank, wat geld weghou as regerings nie bereid is om 'n sekere mate van privatisering toe te laat nie (Khan , 1996 : 219).

4.3 STEDELIKE DOELTREFFENDHEIDSBENADERING

Hierdie benadering fokus op die rasionalisasie van die funksies van stedelike gebiede, asook van fiskale en dienslewings-sisteme. Daar word geargumenteer dat hierdie benadering toepaslik is vir Suid-Afrika (Planact (a), Undated : 190). Volgens hierdie benadering moet plaaslike regerings stedelike produktiwiteit verhoog deur die lewenskoste te verminder en deur besigheid te doen in die plaaslike gebied. Dit kan gedoen word deur regeringsinmenging tot die minimum te beperk deur belasting en dienskosse te verminder, en deur dienste te privatiseer waar dit moontlik is (ESD Resource Centre , 1997 : 23).

Ander argumenteer weer dat stedelike doeltreffendheid deur sterk regeringsbeplanning behaal kan word. Hierdie argument is veral op Suid-Afrika van toepassing, as gevolg van Apartheid se ruimtelike beplanningsstelsel wat tot grootskaalse ondoeltreffendheid gelei het. Die metropolitaanse korridors in Johannesburg en in Kaapstad poog nou om mense nader aan werksgeleenthede te bring, wat reiskoste en reistyd sal verminder (ESD Resource Centre , 1997 : 23). Dit is krities dat die funksionering van die ras-geskeide stede verbeter word aangesien dit kan help om dienslewering en produktiwiteit te verhoog (Planact (b), Undated : 190).

4.4 MENSLIKE HULPBRONONTWIKKELING

Hierdie benadering is 'n belangrike element van LED. Die argument is dat lae vaardigheidsvlakke, veral onder armes, 'n groot struikelblok is vir potensiële investeerders. Die kans dat arm mense voordeel sal trek uit nuwe werksgeleenthede is hoogs onwaarskynlik as hulle nie die toepaslike vaardighede aanleer nie (ESD Resource Centre , 1997 : 23). Hierdie benadering streef daarna om die armes en die werkloses die geleentheid te gee om deel te neem aan die ekonomie, en fokus dus

op die ontwikkeling van toepaslike vaardighede en besigheidsopleiding (Planact (b), Undated : 190).

Die Britse regering bied byvoorbeeld aan werkgewers `n wye keuse van bystand aan om te help met die opleiding van werkers sodat spesifieke toepaslike vaardighede aangeleer kan word. Die volgende alternatiewe hulpmaatreels is beskikbaar :

- Plaaslike toelaes word beskikbaar gestel vir die heropleiding van bestaande werkers of die opleiding van nuwe werkers in poste wat moeilik is om te vul;
- Plaaslike konsultasie toelaes is ook beskikbaar om firmas te help om hul heropleiding behoeftes te bepaal ;
- Daar bestaan nasionale skema-toelaes vir prioriteitsvaardighede om werkers te help om aan hul sleutel vaardigheidsbehoefte te voldoen (Cape Metropolitan Council , 1987 : 72).

Plaaslike regerings kan ook help met menslike hulpbronontwikkeling deur plaaslike opleidingsliggame in die plaaslike gebied te laat fokus. Nog `n maatreël om menslike hulpbronontwikkeling aan te help, is om voorvereistes te skep waaraan firmas moet voldoen, voordat hulle besigheid met die munisipaliteit kan doen. Onder hierdie voorvereistes kan firmas byvoorbeeld verantwoordelik gemaak word vir `n minimum vlak van opleiding van hul werkers (ESD Resource Centre , 1997 : 23).

4.5 GEMEENSKAPS-GEBASEERDE BENADERING

Gemeenskapsontwikkeling is die proses waarin geografies-aangrensende gemeenskappe bygestaan word deur die meer ontwikkelde gemeenskap om die standarde van sosiale en ekonomiese omstandighede te verbeter. Dit word hoofsaaklik gedoen deur hulle eie plaaslike pogings en deur plaaslike gemeenskapsdeelname op al die stadiums van doelwit seleksie, mobilisering van hulpbronne, en die implementering van projekte, wat dus hierdie gemeenskap in staat stel om meer selfonderhoudend te word (Coetzee en Graaf , 1996 : 313).

Hierdie benadering ondersteun die armste gemeenskappe en probeer verseker dat ontwikkeling tot die voordeel is van die agtergeblewe gemeenskappe. Investering is goed, maar die voordele hiervan sal moeilik die agtergeblewenes baat as hulle nie aktief deelneem aan ontwikkeling nie. Om aan die voordele van investering te deel, moet hulle die kapasiteit hê om te beplan, te monitor, en om van wyer voordele

dat gemeenskapsorganisasies aktief betrokke moet wees om regverdig en gelyke sisteme van dienslewering te verseker (Planact (a), Undated : 190).

Plaaslike instellings waarin plaaslike kapasiteit verteenwoordig is, moet geïntegreer word met streeks-en nasionale instellings. Die volgende kan dan ten slotte volgens Kotze (1997, 36) geïdentifiseer word as die kenmerke van die gemeenskaps-gebaseerde benadering tot LED :

- Plaaslike menslike hulpbronne word optimaal gebruik;
- Die omgewing en die natuurlike hulpbronne word bewaar;
- Kleinskaalse produksie eenhede word geskep wat tot die voordeel van die individu is;
- Daar is `n verspreiding van eienaarskap oor produktiewe bates ;
- Daar word verantwoordelikheid aanvaar vir die sosiale ondersteuning van daardie lede van die gemeenskap wat dit die nodigste het ;
- Daar word aanvaar dat geestelike en fisiese welvaart as maatstaf van sukses sal dien;
- Daar is `n herkenning dat sosiale groepsontwikkelingsaksies kan ondersteun en stabiliseer ;
- Daar word `n aanpasbare administrasie geskep waarbinne amptenare sowel as deelnemende groepe kan leer en aanpas ;
- Menslike en individuele waardes word in aanmerking geneem in die besluitnemingsproses, en laastens;
- word daar gestreef na geïntegreerde – eerder as funksioneel – gefragmenteerde – ontwikkeling (Kotze , 1997 : 36).

4.6 PROGRESSIEWE BENADERING

Progressiewe beplanning het `n verbintenis met die ondernemingsbenadering en die gemeenskapsbenadering, alhoewel daar nie altyd `n duidelike onderskeid gemaak kan word tussen die verskillende benaderings nie. Die definierende kenmerk van progressiewe ontwikkelings-beplanning gaan oor proses kwessies. In hierdie benadering is gemeenskappe betrokke by besluitneming, en massa aksies wat poog

om menings te mobiliseer oor spesifieke strategieë word as legitiem beskou. Waar dit moontlik is, word gemeenskapsorganisasies as die instrument gebruik om ontwikkelingstrategieë te implementeer. Ontwikkelingstrategieë in die voorafgaande benaderings het te veel op eiendomsontwikkeling in die middestad gekonsentreer, terwyl die progressiewe benadering fokus op die skep van werksgeleenthede vir spesifieke teikengroepe. Die doelwit is die skepping van 'n balans tussen ontwikkeling in die middestad en die omliggende woonbuurtes (Tomlinson , 1994 : 120).

Wat stel die progressiewe benadering eintlik voor ? Die indiensname van minderhede is algemeen, maar is nie van toepassing op Suid-Afrika nie, want meeste van die arbeiders is reeds swartmense. Die Suid-Afrikaanse ekwivalent is Regstellende Aksie in bestuursposte, maar dit het egter min te doen met die vermindering van stedelike armoede. Regerings en die korporatiewe sektor kan ook bates vir goedere en dienste verskaf deur gebruik te maak van firmas wat deur swartmense besit word. Hierdie strategie is dan ook meer toepaslik vir Suid-Afrika (Tomlinson, 1996 : 6). Behalwe vir die bogenoemde ses benaderings tot LED identifiseer die NBI et al (1996 : 6) die volgende benaderings voor.

4.7 VERBETERING VAN PLAASLIKE INFRASTRUKTUUR EN DIENSTE

Die verbetering van die infrastruktuur en dienste van agtergeblewe gemeenskappe is een van die hoof strategieë en prioriteite van die regering. Daar word geargumenteer dat die verbetering van dienste nie net sosiale voordele tot gevolg het nie, maar dat sonder voorsiening van infrastruktuur soos elektrisiteit, telekommunikasie en water, ekonomiese ontwikkeling, en SMME ("small, medium, and micro enterprises") ontwikkeling moeilik sal voorkom (Harrison , 1997 : 51).

Infrastruktuur verteenwoordig die enjin van ekonomiese aktiwiteite. Gebruikers benodig nie net infrastruktuur vir hul direkte verbruik nie, maar ook om hul produktiwiteit te verhoog deur byvoorbeeld die tyd en moeite te verminder om skoon water te bekom, of om te reis na werksgeleenthede. Volgens 'n studie deur die Wêreldbank is daar 'n direkte verhouding tussen die toeganklikheid tot spesifieke infrastruktuur soos telefone; elektrisiteit; geteerde paaie en skoon water, en per kapita BBP. Die direkte nagevolg van investering in infrastruktuur is die skepping van werksgeleenthede, inkomste en besigheidsgelentehede wat gekonsentreer kan word

in die guns van nuwe besighede en arbeidsintensiewe metodes. Daar is ook die effek van 'n toename in produktiwiteit wat 'n langdurige effek het en wat op volhoubare ontwikkeling van toepassing is. So byvoorbeeld sal 'n huisgesin wat gereeld toegang tot voldoende water en voldoende sanitasie het, 'n groot afname in siektes toon. Dit sal weer lei tot beter skool bywoning, minder dae weg van die werk, en groter produktiwiteit by die werk (ESD Resource Centre , 1997 : 38).

Infrastruktuur en dienste kan ook op so manier voorsien word dat dit plaaslike SMME's stimuleer. Hierdie sektor word grootliks beheer deur plaaslike regerings wat daarna moet streef om hul dienste meer arbeidsintensief te lewer wat kan help om SMME ontwikkeling te stimuleer. Dit kan baie kapitaal projekte of aangaande onderhouding insluit. Voorstelle rondom kapitaal projekte sluit in:

- Kontrakte word in kleiner dele opgebreek sodat dit opgeneem kan word deur SMME's;
- Die tender proses en kontrakteringsprosedures word verander ;
- SMME's word na verskeie ondersteunings-programme verwys ;
- Arbeidsintensiewe prosesse word gebruik waar dit moonlik is ;
- Die rol van die plaaslike regering word verander sodat dit wye kennis beskik oor die ontwerp en die ondersteuning van arbeidsintensiewe prosesse .

Die beperkinge rondom bogenoemde is egter 'n gebrek in opleiding en vaardighede in die agtergeblewe gemeenskappe asook 'n gebrek aan organisasie -vaardighede en gereedskap. Laasgenoemde kan egter oor tyd ontwikkel word deur programme en deur die pogings van verskeie ontwikkelingsagentskappe (Harrison, 1997 : 52).

Voorstelle rondom onderhouding sluit in:

- Daar is verskeie alternatiewe om gemeenskappe te gebruik as diensvoorsieners in byvoorbeeld die verwydering van vullis, die skoonmaak van strate, en die onderhoud van parke, fasiliteite, paaie, water en rioolverwyderings-sisteme ;
- Die implementering van hierdie skemas strek vanaf dienskontrakte met die raad wat bystand verleen in die vorm van opleiding, superviesie, inspeksie en boekhouding, tot prosesse wat bestuur word deur privaat sektor organisasies wat tegniese-, en organisatoriese ondersteuning verleen (Harrison , 1997 : 53).

4.8 OPLEIDING EN ARBEIDSMARKONDERSTEUNING

Vaardigheidstekorte onder die armes is definitief een struikelblok wat groei beperk, en sodoende keer dat armes deel in die voordele van ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika. Munisipaliteite kan 'n groot bydrae lewer om te verseker dat voldoende opleiding beskikbaar is aan agtergeblewe gemeenskappe. Tweedens kan hulle vereis dat alle maatskappye wat wil kontrakteer met die munisipaliteit, 'n minimum vlak van opleiding aan hul werkers verskaf. 'n Derde benadering is om die stigting van plaaslike opleidingsentrums te fasiliteer, deur saam te werk met plaaslike besighede, die Departement van Arbeid en ander agentskappe (ESD Resource Centre , 1997 : 39).

Behalwe vir opleiding, is daar ook 'n aantal ander inisiatiewe wat ondersteun kan word om deelname aan die arbeidsmark te vermeerder. Ondersteuningsdienste kan aan werkloos verskaf word, soos byvoorbeeld loopbane inligting en werksplasing. Alhoewel daar geen voorsiening gemaak word vir munisipaliteite om hierdie dienste te voorsien nie, kan plaaslike owerhede help om aktiwiteite van nasionale departemente en nie-regeringsorganisasies te ondersteun in die voorsiening van dienste in hierdie areas (ESD Resource Centre , 1997 : 39).

'n Voorbeeld van bogenoemde kan in Brittanje gesien word : Die "UK Wider Opportunities Training Programme " help mense om werk te kry deur 'n reeks van modulêre, voltydse en deeltydse kursusse op verskillende vlakke aan te bied, wat fokus op plaaslike indiensname behoeftes. Kursusse verskil van gebied tot gebied, maar meeste begin deur mense te help om te besluit wat hulle wil doen en hulle die geleentheid te gee om 'n reeks van vaardighede uit te toets, byvoorbeeld ambagwerk, klerikale werk, of om te werk met nuwe tegnologie .

Die vyf hoof programme is :

- Vir daardie mense met min en ou vaardighede: opleiding en blootstelling word gebied aan breed gebaseerde beroepsvaardighede ;
- Vir daardie mense wat algemene voorbereiding vir werk benodig : hier fokus kursusse op werksgebaseerde leesbaarheid deur vaardighede te ontwikkel wat mense in staat stel om werksgeleenthede te kry, en om beroepsvaardighede te verbeter ;

- Vir mense wat Engels as `n tweede taal praat : werksgebaseerde taal opleiding word voorsien ;
- Vir vrouens wat wil terugkeer na die werk: opleiding word voorsien om vaardighede op te dateer en kennis word voorsien oor die arbeidsmark en die proses om werksgeleenthede te bekom ;
- Vir werklose bestuurders en professionele werkers : kursusse word verskaf wat hulle help om hul vaardighede op te knap en hulle effektief aan te bied aan werkgevers (Cape Town City Council , 1987 : 77) .

Wat hand aan hand gaan met die bogenoemde benadering tot LED is die belangrikheid van die bemagtigings-en volhoubaarheidsbenadering tot LED.

4.9 BEMAGTIGING EN VOLHOUBAARHEIDHEIDSBENADERING

Bemagtiging beteken dat mense in die posisie is om keuses van hulle eie vrye wil uit te oefen. Dit verwys na `n politieke demokrasie waarin mense besluite kan beïnvloed wat handel oor hul eie lewens. Dit beteken dat alle lede van die gemeenskap, veral NGO's, deelneem aan die formulering en implementering van besluite (UI Haq , 1995 : 20) . Plaaslike organisasies kan die behoeftes en hulpbronne van privaat individue duidelik identifiseer, en kan dus hul behoeftes en probleme duideliker aanspreek. Om gemeenskapsorganisasies meer effektief te maak, is `n sleutel LED ontwikkelingstrategie (Kotze , 1997 : 53) .

Dit help nie om mense te bemagtig met besluitneming, werksgeleenthede, en ondersteuning deur openbare dienste, as die bemagtigingsproses nie volhoubaar is nie. Volhoubaarheid beteken nie die volhouding van bestaande vlakke van armoede nie. As die bestaande era onaanvaarbaar is vir `n gemeenskap, moet dit verander word voordat dit volhou word. Wat eerder volhou moet word, is aanvaarbare lewensomstandighede, nie menslike ontbering nie (UI Haq , 1995 : 18) . Die nodige opleiding, vaardighede en hulpbronne moet eerstens gesetel word voordat enige beleid of projek volhoubaar kan wees in die toekoms.

4.10 BEMARK DIE GEMEENSKAP

Inwaartse investering is baie belangrik in Suid-Afrikaanse plaaslike gebiede. Die bemarking van 'n plek kan 'n belangrike rol speel in die vereniging en mobilisering van plaaslike belanghebbendes (Department of Constitutional Development, Undated : 17). Dit is essensieel dat bemarking gesien word as deel van 'n strategie waarin 'n produk verkoop moet word, voordat daar geweet word aan wie. 'n Ekonomiese ontwikkelingsbeleid moet dus eerste ontstaan voordat 'n bemarkingsplan geformuleer kan word. Daar bestaan verskeie metodes van bemarking:

- Advertering : 'n hele aantal organisasies gebruik advertering om hul area te bemark. Petersborough gebruik die televisie, die radio en koerante. Pietermaritzburg gebruik die radio en die pers, terwyl ander gebiede joernale en plakkate gebruik (Cape Town City Council , 1987 : 5).
- Brosjures : Elke organisasie wat probeer om besigheid na sy gebied te lok , het 'n brosjure wat aan potensiele kliente gegee kan word . Inligting soos byvoorbeeld 'n kort geskiedenis en agtergrond ; details oor moontlike lenings; 'n verduideliking van die plaaslike woonomgewing insluitende behuising, skole en tersiere instellings, word verskaf .
- Videos en skyfie voorstellings : Hierdie is 'n meer gesofistikeerde metode om die nodige inligting oor te dra .
- Direkte kontak bemarking : Hier neem plaaslike owerhede aktief deel aan gereelde handelsmissies om hulle gebiede te bemark . Daar kan byvoorbeeld kontak gemaak word met groot industriële eienaars wat belangstel om in die gebied te vestig (Cape Town City Council , 1987 : 6) .



Diagram 1 : Plekbemaking in geselekteerde Suid -Afrikaanse stede

Bron : Rogerson,1994:113.

Wat hand aan hand gaan met plekbemaking is toerisme :

Die toerisme sektor kan 'n belangrike bron wees van buitelandse valuta, dit kan plaaslike ekonomiese ontwikkeling stimuleer, en dit is ook arbeids-intensief. Die Wes-Kaap is tans die land se voorste toerisme aanloklikheid, wat help met werkskepping en die verbetering van baie mense se lewenstandaard. Feeste en gebeurtenisse word gereeld deur stede georganiseer om addisionele aanloklikhede vir toeriste te skep. Plaaslike owerhede kan 'n groot bydraende rol speel om sportsgeleenthede en konferensies na die streek aan te lok. So byvoorbeeld het die KMR 'n groot rol gespeel in die veldtog om die 2004 Olimpiese Spele aan te bied (Cape Town City Council , 1987 : 45) .

Baie werksgeleenthede in die toerisme bedryf val in die semi-vervaardigings –of geen – vaardigheidskategorie. Dit maak die toerisme bedryf baie aanloklik vir lande met 'n groot persentasie werklose mense wat in hierdie kategorie pas. Toerisme help

ook om gedentraliseerde werkseleenthede te skep. In Brittanje word die landbousektor byvoorbeeld aangemoedig om te diversifiseer om as toeriste attraksies te dien (Cape Town City Council , 1987 : 47). `n Voordeel van toerisme wat nie direk van `n monetêre aard is nie, is dat toerisme `n behoefte skep om aantreklike gebiede en geboue te bewaar. Die natuurreservate van Afrika en die historiese geboue in Europa is byvoorbeeld groot toeriste aanloklikhede. As hulle nie as bates beskou word nie, sou die behoefte nie so groot gewees het om geboue en wilde natuurreservate te beskerm nie.

Toerisme is die wêreld se vinnigste groeiende sektor. In 1985 het Spanje amper soveel uit toerisme verdien, (omtrent 7 biljoen dollar) , as wat Suid-Afrika uit goud verdien het. Die Wes-Kaap het duidelike aanloklikhede wat van belang is vir spesiale toerisme groepe. Kaapstad is byvoorbeeld in die middelpunt van die wêreld se rykste blomkoningkryk. Spesiale toere en feeste kan byvoorbeeld gereël word (Cape Town City Council , 1987 : 49). Alhoewel toerisme informeel van aard is vir toeriste self, is die potensiele impak wat hulle kan maak in die verbetering van die lewensstandaard van die armoediges, groot. Werk moet gemaak word van die potensiele inkomstebron wat in toerisme gesetel is, veral inaggenome die grootskaalse toeriste-attraksies in die Wes-Kaap, asook die positiewe impak wat dit kan hê op die armoediges en werkloses.

4.11 TEN SLOTTE

Ter afsluiting van die benaderings tot LED, word daar gesê dat daardie gebiede wat hulself organiseer om planne te implementeer, beter sal doen as daardie gebiede wat dit nie doen nie. Dit word betwyfel of LED inisiatiewe alle plaaslike werkloosheidsprobleme volkome sal oplos, alhoewel LED inisiatiewe gesien moet word as `n essensiele deel van die proses om gemeenskapsbesigheidsaktiwiteite te stimuleer (Cape Town City Council , 1987 : 86). In die werklikheid sal die regte balans tussen die verskillende benaderings gevind moet word, wat gebaseer is op `n gebied se eie behoeftes en omstandighede. Die hoofbeginsel is om doelstellings te hê wat gebruik kan word om planne te prioriseer (Department of Constitutional Development , Undated : 9).




Diagram 2 : Vier konsepsuele boublokke vir LED wat saam gebruik kan word.

Bron : Department of Constitutional Development , undated : 9.

HOOFSTUK 5

PLAASLIKE OWERHEDE EN LED

5.1 DIE NUWE ROL VAN PLAASLIKE OWERHEDE EN LED

Plaaslike owerhed word dikwels beskryf as die hande en voete vir die heropbou en ontwikkeling van Suid-Afrika, alhoewel soos later duidelik gesien kan word, is daar beperkinge wat die positiewe rol van plaaslike owerhede beperk. Dit is egter duidelik dat die regering magteloos is in die afwesigheid van effektiewe diensleweringssliggame, aangesien die regering nie sy beleide kan implementeer om dienste aan sy mense te verskaf nie. Bogenoemde voorbeeld ondermyn egter die belangrike rol van munisipaliteite as beleidmakers, innoveerders, en die skeppers van plaaslike welvaart. Munisipaliteite kollekteer jaarliks R40 biljoen in tariewe, gebruikerskoste en foie. Hulle verskaf werk aan duisende mense deur die hele land. In baie gevalle is hulle verantwoordelik vir die prys en kwaliteit van water, elektrisiteit en paaie en hulle beheer ook die gebruik en ontwikkeling van grond. In baie dele van die land besit hulle ook groot gedeeltes grond. Hulle koop goedere en dienste en betaal salarisse van amper R50 biljoen. Munisipaliteite bepaal ook die plaaslike politieke agenda, en die manier hoe hulle funksioneer gee sterk leiding aan hulle eie inwoners en moontlike migrante en investeerders (Department of Constitutional Development , Undated : 1).

Hierdie tradisionele magte en verantwoordelikhede het reeds `n groot invloed op mense se sosiale en ekonomiese welvaart. Plaaslike owerhede kan egter nie meer funksioneer sonder `n duidelike ekonomiese ontwikkelingsagenda nie. Beide die nuwe Grondwet sowel as aspekte van die nasionale regering se wetgewing vereis nou dat plaaslike owerhede die verantwoordelikheid van ekonomiese ontwikkeling moet opneem (LED News , 1996 : 1). Hierdie vars mandaat het tot gevolg die skepping van `n nuwe reeks plaaslike beleide en programme wat spesifiek gemik is op werkskepping en armoede vermindering. Die nagevolge van Apartheid en die probleme wat dit nagelaat het vir plaaslike owerhede, het die fokus op sosiale en ekonomiese ontwikkeling genoodsaak. Ongelykhede is hoog en baie munisipaliteite kan nie eens bekostig om die mees basiese dienste te verskaf nie. As gevolg van werkloosheid is groot gedeeltes van die bevolking die inkomste ontnem om te

betaal vir water, sanitasie, elektrisiteit en paaie (Department of Constitutional Development , Undated : 1).

Ten spyte van bogenoemde probleme gee munisipaliteite meer en meer aandag aan die impak van besluite op die sosiale en ekonomiese welvaart van hul gemeenskap. Baie munisipaliteite het reeds begin met ekonomiese strategieë en planne wat beide hul tradisionele rol as diensverskaffers en hul nuwe ontwikkelingsmandaat inkorporeer (Department of Constitutional Development , Undated : 2). Binne hierdie nuwe rol het baie munisipaliteite in die land tot dusver probeer om LED strategieë in hul beleid in te sluit. Daar is egter nie 'n konstante benadering tot LED nie aangesien verskillende munisipaliteite op hul eie manier poog om 'n toepaslike rol vir hulself te definieer. In ander gevalle, veral waar kapasiteit laag is, word daar baie min gedoen om LED praktyke in te stel (Emdon , 1999 : 3) .

Binne hierdie soeke na 'n toepaslike rol bestaan daar verskillende benaderings tot LED. Sommige amptenare en raadslede definieer LED as aktiwiteite wat uitgevoer word en gemik is op armoede vermindering, werkskepping en gemeenskaps bemagtiging. Ander sien dit as aktiwiteite wat investering in die area kan verhoog. In hierdie laaste geval het munisipaliteite 'n belangrike rol om te speel in die skep van omstandighede om investering te lok, deur byvoorbeeld die voorsiening van goeie dienste soos paaie en skoonmaakdienste. Hierdie benadering fokus op die verbetering van die raad se prestasie in die hoof dienste wat dit voorsien, die spoed waarteen ontwikkelingsvoorstelle verwerk word, en die algemene funksionering van die raad. Die eerste benadering fokus op die inisiering van nuwe projekte, asook beleide wat ontwerp is om te lei na meer bemagtiging (Emdon , 1999 : 3) .

Sommige munisipaliteite neem altwee benaderings aan waar daar LED tipe departemente opgestel word wat fokus op die een of die ander benadering, of beide. Gewoonlik fokus hierdie departemente op die werkskepping-; bemagtiging-; en armoede vermindering benadering tot LED. Ander departemente is dan verantwoordelik vir die verbetering van dienslewering sodat die munisipaliteit investering kan lok. Een van die probleme wat geïdentifiseer word in kleiner landelike-en dorpsrade, is die probleem van roldefiniering in verhouding tot LED. Hierdie probleem kom minder in die groot stede voor, aangesien die ontwikkelingsrol met groot entoesiasme in hierdie gebiede aangeneem word. In baie landelike gebiede is daar byvoorbeeld nasionale departemente wat programme dryf om LED te

verbeter, maar sonder die insette van plaaslike leiers. Die Departement van Openbare Werke pak byvoorbeeld gemeenskapswerkskeppings programme aan (Emdon, 1999: 4).

5.1.1 DIE VERSKILLENDE ROLLE VAN MUNISIPALITEITE IN LED

Die plaaslike owerheid moet leiding gee vir LED om te kan plaasvind. Dit behels die implementering van 'n strategiese beplanningsproses waarby alle belangegroepe betrokke is, naamlik die gemeenskap, besighede, arbeiders, sowel as koördinerings met die ander sferes van regering, naamlik provinsiaal en nasionaal. Om 'n strategiese leier te wees, moet die munisipaliteit verskeie rolle vervul, naamlik:

- **Entrepreneur** : In hierdie rol tree die munisipaliteit soos 'n besigheid op, en beplan, bestuur en implementeer ontwikkelingsprojekte en programme. Dit kan insluit die koop en ontwikkeling van grond ; die bestuur van kommersiële ondernemings ; en deur kommersieel gebruik te maak van grond en geboue wat aan die munisipaliteit behoort. Dit sluit in die ontwikkeling van 'n burgersentrum en 'n ontspanningsentrum. Die inkomste wat gegenereer word vanaf hierdie ondernemings kan gebruik word om infrastruktuur en dienste te ontwikkel waar dit die meeste nodig is ;
- **Koördineerder**: 'n Munisipaliteit neem die leiding in die ontwikkeling van ontwikkelingsdoelwitte, en koördineer die aktiwiteite van alle sektore en rolspelers wat betrokke is by die bereik van hierdie doelwitte. Dit behels dikwels die skep van vennootskappe. In die geval van 'n konferensie sentrum, investeer die munisipaliteit 'n sekere bedrag geld. Besighede voorsien die balans van fondse asook die projekbeplanning en implementerings vaardighede, terwyl die gemeenskap die arbeid kan voorsien. Deur hierdie tipe gesamentlike vennootskap, kan daar die beste gebruik gemaak word van bestaande hulpbronne ;
- **Fasiliteerder** : 'n Munisipaliteit moet verseker dat kondisies bestaan wat plaaslike groei en ontwikkeling sal bevoordeel. Dit sluit in om te verseker dat regulasies bestaan wat ontwikkeling sal bevoordeel, en wat maklik is om te volg; dat die provinsiale en nasionale regering bewus is van plaaslike probleme en geleenthede ; en dat die toepaslike grond gesoneer is vir kommersiële ontwikkeling en lae koste behuising ;

- **Stimuleerder** : Hier poog die munisipaliteit om investering te lok en te konsentreer, asook om deelname aan LED te bevorder. 'n Voorbeeld hiervan is om 'n ontwikkelingskorridor te skep wat beide die privaatsektor en gemeenskapsdeelname aantrek ;
- **Strategiese leier** : Die munisipaliteit speel 'n sleutel rol in die ontwikkeling van innoverende en toekomsgerigte beleide vir ontwikkeling, wat duidelik die toekomstige ontwikkelingsdoelwitte van die gebied identifiseer en ook in staat is om die hulpbronne te mobiliseer wat nodig is om hierdie doelwitte te behaal .

Munisipaliteite sal 'n kombinasie van hierdie rolle vervul, afhangende van die strategieë wat hulle besluit om te implementeer. As die doel byvoorbeeld is om internasionale investering aan te trek deur gebruik te maak van 'n besigheidsontwikkelingsstrategie, sal die munisipaliteit die rol van fasiliteerder vervul. As die doelwit werkskepping is deur klein besigheidsontwikkeling, kan die munisipaliteit die rol van stimuleerder vervul deur klein besigheidsvestigings te bou om nuwe entrepreneurs by te staan om hul eie besighede te bestuur (Planact (a), Undated : 6).

5.2 DIE LED BEPLANNINGSPROSES

Dit is by die begin van afdeling 5.1.1 genoem dat dit belangrik is vir 'n plaaslike owerheid om 'n strategiese beplanningsproses te implementeer. Dit is belangrik dat LED strategieë nie in isolasie van ander ontwikkelingsplanne gesien word nie. Die LED beplanningsproses is dieselfde as die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) prosedure en moet ook saam met die GOP proses verloop. Die fokus is hier net eenvoudig op LED. Die eindresultaat is dus 'n LED plan wat voorkom in die oorhoofse GOP plan. Voordat daar na die wetlike raamwerk gekyk word waarbinne IDP's voorkom, word daar eers gekyk na die LED strategiese beplannings proses :

- Stap 1 : Voorbereiding

In hierdie fase bou die munisipale raad ondersteuning op onder al die belangrike rolspelers om deel te neem aan die strategiese beplanningsproses. Die doel is om 'n omvattende LED plan as deel van die GOP plan te formuleer. Voorbereiding sluit in, om die gemeenskap en alle rolspelers bewus te maak van die behoefte aan LED en die waarde van LED beplanning. Die raad sal hopenlik teen hierdie stadium 'n bestuurs komitee vorm wat die LED proses moet vorentoe neem. Hierdie komitee

dien om die verskillende rolspelers saam te bring sodat daar gestreef kan word na die identifisering van gemene doelwitte (Planact (a), Undated : 12).

Stap 2 : Ontleding van die eksterne en interne faktore

Al die faktore wat `n invloed op ekonomiese ontwikkeling in die gebied sal hê, moet geïdentifiseer en ontleed word. So kan almal begin verstaan hoe die plaaslike ekonomie inskakel by die streeks-, nasionale- en internasionale ekonomie. Die relatiewe voordele van die gebied waarmee dit kompetend kan wees, moet ook geïdentifiseer word, byvoorbeeld toerisme of die landboubedryf (Planact(a), Undated : 13).

Die eksterne faktore is alle dinge wat `n positiewe of `n negatiewe effek op ontwikkeling sal hê. As die area byvoorbeeld afhanklik is van die mynboubedryf moet bepaal word watter effek die internasionale mark op die plaaslike industrie sal hê ? Kan die industrie internasionaal kompeteer ? Of is die produk te duursaam ?

Die interne faktore sluit byvoorbeeld in die vlak van infrastruktuur, die beskikbaarheid van vaardighede, misdaadvlakke, opvoeding en opleidings fasiliteite, die lewenskwaliteit, en die ontwikkelingsgeleenthede vir die armes in die gebied. Hierdie en ander faktore beïnvloed die gebied se bekwaamheid om investering na die gebied te lok. Nadat die interne en eksterne faktore ontleed is, is dit moontlik om die gebied se sterktes, swakhede, geleenthede en bedrygings te identifiseer. Die gemeenskap se posisie word dus duidelik. Sodoende word dit makliker om bestaande hulpbronne in daardie gebiede te gebruik waar dit die grootste positiewe impak op ontwikkeling sal hê (Planact , Undated : 13).

Stap 3 : Identifisering van strategiese kwessies

Die sleutel probleme wat aangespreek moet word in die LED plan word nou in hierdie stap geïdentifiseer. Dit kan insluit rasse - , geslags- , en sosio-ekonomiese ongelykhede ; `n swak toestand van die munisipale infrastruktuur ; swak omgewingskwaliteit ; en lae toegang tot vervoerdienste. Bogenoemde sal gebaseer wees op die breë visie en doelstellings wat geïdentifiseer is in die vroeë stadium van die IDP proses. Die sleutel kwessies moet beklemtoon word in `n orde van belangrikheid. Alle belangegroepe moet betrokke wees by hierdie proses (Planact (a), Undated : 14).

Stap 4 : Die ontwikkeling van strategieë

Die volgende stap is nou om strategieë te ontwikkel om met elke kwessie te deal, in die orde van belangrikheid. Die strategieë sal spesifieke doelwitte bepaal vir elke afsonderlike kwessie. As die kwessie byvoorbeeld is om die munisipale infrastruktuur te ontwikkel, sal van die doelwitte wees :

- Klein besigheidsonwikkeling in agtergeblewe gebiede moet gestimuleer word ;
- Indiensname en opleiding moet verhoog word deur arbeids intensiewe konstruksie metodes ;
- Die lewensstandaard en die gemeenskap se toegang tot basiese dienste moet verbeter word.

Die eindresultaat is dus nie net byvoorbeeld die skep van `n nuwe dreineringsstelsel in `n dorp nie, maar liever dat die konstruksie van die nuwe dreineringsstelsel gebruik word om die groei van die ekonomie te stimuleer; die herverdeling van welvaart en werksgeleenthede bevorder; die gemeenskap se vaardigheidsvlakke verbeter, en die dorp se klein besighede word bevorder. LED het breë ontwikkelingsdoelwitte, en die beplanning vanaf `n LED perspektief binne die IDP, verseker dat daar maksimaal gebruik gemaak word van die geleenthede vir ontwikkeling (Planact (a), Undated : 14).

Stap 5 : Die ontwikkeling en implementering van die LED aksie plan

Hierdie plan bevat die stappe wat geneem sal word om die belangrikste strategieë te implementeer. Daar moet besluit word wat gedoen moet word, wie verantwoordelik gaan wees daarvoor, en wanneer dit voltooi sal word (Planact (a), Undated : 15).

Stap 6 : Skakeling met die begroting

Die aksie plan moet geskakel word met beide die medium-termyn begroting en die jaarlikse begroting. Daar sal natuurlik ander projekte en programme wees waarvoor beplan word in die GOP, en wat geprioritiseer sal moet word. Sekere LED planne sal oorgehou moet word vir `n volgende jaar, of selfs `n langer tydperk, afhangende van die beskikbaarheid van hulpbronne en die oorhoofse GOP doelwitte. Deur al die GOP planne met die begroting te skakel, word verseker dat die belangrikste projekte eerste geïmplementeer word (Planact (a), Undated : 15).

Stap 8 : Die hersiening van die plan

Omstandighede verander en dus moet planne aangepas word om by veranderinge aan te pas. Die volgende vrae moet met gereelde intervalle gevra word :

- Watter veranderinge het plaasgevind in die ekonomiese basis en die bevolking van die gebied ?
- Watter nuwe informasie is beskikbaar wat dit noodsaaklik maak om planne te verander ?
- Watter van die planne was suksesvol en watter en misluk , en hoekom?

Antwoorde tot hierdie vrae verseker dat veranderinge aangebring kan word aan planne om te verseker dat hulle steeds die voordele voortbring wat aan die begin bedoel was vir die gebied. Hersiening is deel van 'n voortgesette proses om die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en LED plan te verskerp, om sodoende te verseker dat dit altyd in lyn is met die veranderende ontwikkelingsbehoefte en prioriteite van die gebied (Planact (a), Undated : 15).

5.3 DIE WETLIKE RAAMWERK VAN MUNISIPALITEITE MET BETREKKING TOT LED

Die Grondwet het die bestek van plaaslike regeringsaktiwiteite verbreed vanaf dienslewering, soos vervat in artikel 26 en 27 van die Grondwet (Wet 108 van 1996), na breër ontwikkelingsfunksies. Dit stel duidelik dat munisipaliteite sosiale en ekonomiese ontwikkeling moet bevorder (Emdon , 1999 : 2) :

40.(1) Regering in die Republiek bestaan uit nasionale, provinsiale en plaaslike sfere van regering wat onderskeidend, onderling afhanklik en onderling verbonde is.

152.(1) Die oogmerke van plaaslike regering is –

- (a) om demokratiese en verantwoordingspligtige regering vir plaaslike gemeenskappe te voorsien ;
- (b) om te verseker dat dienste op volhoubare wyse aan gemeenskappe verskaf word;
- (c) om maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te bevorder ;

(d) om 'n veilige en gesonde omgewing te bevorder ; en

(e) om die betrokkenheid van gemeenskappe en gemeenskapsorganisasies in plaaslike regeringsaangeleenthede aan te moedig .

153. 'n Munisipaliteit moet –

(a) sy administrasie en sy begrotings- en beplanningsprosesse so struktureer en bestuur dat voorrang verleen word aan die basiese behoeftes van die gemeenskap, en dat die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap bevorder word ; en

(b) aan nasionale en provinsiale ontwikkelingsprogramme deelneem (Gronwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996) .

Emdon (1999, 2) haal aan dat Die Witskrif op Plaaslike Owerheid die rol in meer detail verduidelik . Die wetlike raamwerk waarbinne plaaslike owerhede LED moet bestuur, word vervat in die provinsiale ordonnansies, baie verordeninge asook nasionale wetgewing soos die Oorgangswet op Plaaslike Regering, die Besigheidswet en verskeie gespesialiseerde gedeeltes van nasionale wetgewing. Die Witskrif op Plaaslike Owerheid bevat 'n lys van 154 nasionale wette wat 'n invloed het op plaaslike owerhede (wat nie alles van toepassing is op LED nie). Die "Municipal Systems Bill" (nog net in engels gepubliseer) handel ook met aspekte van LED (Emdon , 1999: 2).

Volgens die nuwe Grondwet het plaaslike owerhede 'n mandaat waarbinne hulle regeer, en waarbinne hulle nie net dienste verskaf nie, maar ook verantwoordelik is vir sosiale en ekonomiese ontwikkeling. Daar bestaan ook ander gedeeltes van wetgewing wat die ontwikkelingsrol van plaaslike regerings uitbrei. Die Wet op Ontwikkelingsfasilitering of DFA (wet 67 van 1995), bemagtig munisipaliteite om statutêre grond ontwikkelingsdoelwitte te stig, of LDO's, wat 'n duidelike benadering tot grond ontwikkeling vir elke gebied vestig. Daar is reeds provinsies wat regulasies aangeneem het wat vereis dat hierdie LDO's ook ekonomiese ontwikkelings doelwitte moet insluit. Die Plaaslike Regerings Oorgangswet Tweede Wysigings Wet (wet 97 van 1996) het Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne (GOP's) ingestel om sodoende die geïntegreerde ontwikkeling en bestuur van die jurisdiksie gebied van die munisipaliteit, te bepaal (Department of Constitutional Development , Undated : 2).




Diagram 3 : Die verskillende dimensies van GOP's

Bron : Planact (b), undated: 2

Dit is vir elke munisipaliteit om hierdie nuwe mandaat te ontleed, en al die voordele wat dit beskikbaar maak vir innoverende beleide en programme. Met groter outonomie sal dit meer en meer belangrik word vir munisipaliteite om 'n balans te vind tussen kompetisie en samewerking. 'n Versoeking sal altyd bestaan om ander munisipaliteite te ondermyn in die soeke na investering. Samewerking is egter essensieel vir alle gemeenskappe om vordering te maak. Seksie 41.(1) van die Grondwet stel dat : "alle regeringsfere en alle staatsorgane binne elke sfeer moet.... in wedersydse vertroue en goeie trou met mekaar saamwerk deur.... mekaar te help en te ondersteun.... mekaar van inligting te voorsien, en met mekaar oorleg te pleeg, oor sake van gemeenskaplike belang en.... hul optrede en wetgewing met mekaar te koördineer " (Department of Constitutional Development , Undated : 3).

Samewerking tussen die verskillende sfere van regering sal bevorder word deur die stigting van liggame wat die kollektiewe belang van munisipaliteite verteenwoordig,

byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Plaaslike Regeringsvereniging (SALGA) wat die plaaslike regering verteenwoordig in die Nasionale Raad van Provinsies (NCOP). Provinsies het ook plaaslike regering verenigings. Dit is belangrik dat munisipaliteite regoor die land deelneem aan hierdie liggame, en hulle gebruik om aan provinsiale en nasionale beleidmakers die standpunte van die plaaslike regering met betrekking tot LED uit te wys (Department of Constitutional Development , Undated : 3).

Alhoewel daar reeds vroeër na moontlike LED strategieë gekyk is, word daar vervolgens gekyk na spesifieke aksies wat munisipaliteite binne die wetlike raamwerk kan uitvoer, wat 'n groot impak op LED sal hê .

5.4 LED AKTIWITEITE DEUR MUNISIPALITEITE WAT BEVORDER MOET WORD

In hierdie afdeling word na aktiwiteite gekyk wat binne die wetlike raamwerk van munisipaliteite is, en wat hulle navolg om LED te bevorder:

5.4.1 DIE VERSNELLING VAN ONTWIKKELING

'n Algemene klagte is dat munisipaliteite ontwikkelingsaansoeke te stadig verwerk, en dat dit ontwikkeling benadeel. Net so vat hersonerings heel dikwels te lank. Daar is baie maniere waarop munisipaliteite poog om hierdie probleem te hanteer. Baie het interne evaluasie van hul prosedures ondergaan en gepoog om dit vinniger te laat verloop. Daar bestaan byvoorbeeld breë konsensus dat baie stadsbeplannings- en grongverwante besluite gedelegeer moet word na amptenare, as die besluite nie kontroversieel is nie en die skaal van verandering klein is (Emdon , 1999 : 4).

Deel van die probleem in Suid-Afrika is dat grondontwikkeling deur 'n aantal verskillende wette beheer word. In sekere provinsies is daar provinsiale ordonnansies wat grondontwikkeling beheer tesame met nasionale wette soos die Wet op Minder formele Dorpstigting (wet 113 van 1991), en die DFA. Die Nasionale Ontwikkelings-en Beplanning Kommisie, wat in 1996 deur die Minister van Grondsake, Behuising en Konstitusionele Ontwikkeling opgestel is, het in April 1999 'n "Draft Green Paper on Development and Planning" voltooi. Die navorsing wat die Kommisie onderneem het oor munisipale beplanning en ontwikkeling het bevind dat :

- Daar moet een proses wees vir grondontwikkeling en dit moet bestuur word deur munisipaliteite ;
- Daar moet `n breë beleid in munisipale gebiede wees wat grondgebruik en ruimtelike kwessies definieer, en wat ingeligte besluite sal meebring aangaande grondontwikkeling (Tans grondontwikkelingsdoelwitte in terme van die DFA), en die eksterne dimensie van GOP's soos vereis ingevolge die Oorgangswet op Plaaslike Regering (Emdon,1999:6);
- Waar moontlik moet besluitneming gedelegeer word aan senior amptenare of stadsbeplanners sodat dit dinge sal versnel en raadslede toelaat om hul aandag te vestig op meer belangrike ontwikkelingsvoorstelle en beleidskwessies ;
- Omdat ontwikkelingsaansoeke goedkeuring vereis vanaf `n aantal departemente in die plaaslike owerheid en vanaf die ander sferes van regering, moet die wette en regulasies wat tans in die provinsies voorberei word, `n streng tydsbeperking vereis, sodat grondontwikkeling versnel kan word .

Die Groenskrif sluit voorstelle in soos :

- Inisiatiewe wat poog om ontwikkelingsprosedures in die nuwe provinsiale beplanningwette te vereenvoudig, moet ondersteun word ;
- Beleidsgebaseerde grondbepanning moet bevorder word, sodat meer besluite met duidelike riglyne aan amptenare gedelegeer kan word, aangesien amptenare riglyne binne beleidsdokumente kan vind waarbinne hulle dan kan werk ;
- Delegasie moet gebruik word om meer effektiwiteit te skep in die sisteem van grondontwikkeling, wat sal plaasvind onder streng riglyne en prosedures (Emdon , 1999 : 6) .

5.4.2 DIE VERSNELLING VAN GRONDVRYSTELLING

As `n munisipaliteit se benadering tot LED is om dienste so effektief as moontlik te lewer sodat dit investering kan lok, is `n komponent hiervan om seker te maak dat dit in staat is om sy eie grond op `n effektiewe manier vry te stel. Die bestaande ordonnansies wat die prosedure definieer wat gevolg moet word as munisipaliteite hul grond wil verkoop, is te stadig. Om kompetender te wees met kommersiële eiendomsagentskappe moet munisipaliteite dieselfde mag hê, en moet hulle portfolio

bestuurders hê wat kan spekkeer met munisipale grond wat nie gebruik gaan word deur die munisipaliteit nie. Dit sal egter moeilik wees om munisipale grond vinnig te verkoop sonder om 'n groot mate van publieke insette te verkry.

- 'n Voorstelling is dat die prosedures wat gevolg moet word en die magte wat munisipaliteite het, deeglik ondersoek moet word, en so aangepas moet word dat dit beter en 'n meer ekonomiese grondbestuurproses fasiliteer (Emdon , 1999 : 6).

5.4.3 HANDELDRYF MET MUNISIPALE BATES

Baie munisipaliteite het belangrike bates soos byvoorbeeld biblioteke, swembaddens en gholfbane wat tradisioneel deur rade self bestuur is, of teen 'n minimale bedrag aan derde partye uitverhuur is om te bestuur. Daar is baie keer gevalle waar die verhuring van ontspanningshulpbronne net die bevoorregte sektore of 'n spesifieke gemeenskap bevoordeel. Sulke hulpbronne moet gebruik word om die wyer gemeenskap te bevoordeel en wanneer dit uitverhuur word, moet dit die raad finansiëel bevoordeel (Emdon , 1999 : 7).

Die beleid wat aangeneem sal word oor munisipale bates, sal in 'n groot mate afhang van die munisipaliteit se benadering tot LED. As die munisipaliteit se benadering is om minder bevoorregte gemeenskappe te bemagtig, werkskepping te bevorder en armoede te verminder, sal die raad sy munisipale bates meer beskikbaar wil maak aan minderbevoorregte groepe. Dit kan byvoorbeeld grond en geboue teen 'n minimale huur beskikbaar stel aan klein besighede en handelaars. Volgens Emdon (1999: 7) is Die Departement Grondsake (Landelike Ontwikkelingsraamwerk 1997) van mening dat die plaaslike regering 'n belangrike rol het om te speel in die verkryging van grond in die vorm van klein erwe vir intensiewe landbou, wat naby is aan dorpe en ander werksgeleenthede, skole en gesondheidsfasiliteite. Die probleem is egter dat munisipaliteite byvoorbeeld geen beheer het oor skole nie, net om een aspek te noem.

'n Voorstel is dus dat munisipaliteite beleide formuleer wat beide aan die behoeftes van agtergeblewe gemeenskappe voldoen, deur toegang te skep tot hulpbronne, maar ook die behoefte van die raad om inkomste te genereer uit bates (Emdon , 1999 : 8).

5.4.4 DEUR MUNISIPALE GROND EN BATES IN VENNOOTSKAPPE TE SIT

Baie rade probeer vennootskappe stig om ontwikkeling te bevorder, waarin die raad se bydrae sy grond en geboue is. Deur geboue en grond te verskaf, kan plaaslike ontwikkeling bevoordeel word sonder om enige kontant te investeer vanaf die munisipaliteit se kant. Voorbeelde van hierdie benadering is die "Jack Mincer " projek in Johannesburg waar die betrokke Johannesburgse munisipaliteit sy grond in die vennootskap geplaas het, en `n aantal privaatsektor rolspelers wat in die vennootskap was, die geld vir die ontwikkeling verskaf het. Die raad het ook onderneem om die taxi's en die paaie in die gebied te bestuur.

`n Voorstel is dat munisipaliteite bygestaan moet word om beleide so te formuleer dat hulle hul strategiese hulpbronne wat hulle tot hul beskikking het, kan gebruik in vennootskappe met die privaatsektor (Emdon , 1999: 8) .

5.4.5 VERKRYGING ("PROCUREMENT")

Baie is reeds gedoen om die tenderprosesse op munisipale vlak te verander sodat dit voorheen uitgesluite gemeenskappe kan insluit. Daar is egter steeds verwarring onder die voorheen uitgesluite groepe oor die tenderproses. Die tenderproses op die nasionale vlak verskil van die tenderproses op die munisipale vlak. Die tendersistiem wat gebruik word deur munisipaliteite kan `n groot effek hê op werkskepping en geleenthede vir agtergeblewe klein besighede. Dit kan ook werksgeleenthede skep deur te vereis dat kontrakte in spesifieke gebiede aan mense wat binne die gebiede woon, gegee word.

Die Groenskrif op Hervorming van die Openbare Sektor Verkrygingsstiem, identifiseer verskeie probleme wat deur potensiele tenderaars ondervind word, veral vanaf agtergeblewe SMME's. Die volgende probleme is geïdentifiseer :

- Daar bestaan `n behoefte om toegang te kry tot tender informasie ;
- Tender dokumentasie moet vereenvoudig word ;
- Tenders moet toegeken word met die doel om sosio-ekonomiese doelwitte te behaal, en nie net op die basis van pryse nie. Punte kan ook toegeken word aan tenderaars wat sosio-ekonomiese doelwitte behaal ;
- Daar bestaan ook `n behoefte aan `n regstellende SMME program;
- Praktyke wat werksgeleenthede verskaf, moet ondersteun word ;

- Periodieke kontrakte moet beperk word ;
- Daar bestaan `n behoefte om SMME aan te moedig deur hulle die primêre kontrakteurs te maak, en ook om uitgebruide sub-kontraktering te voorkom.

Daar bestaan nie enige verwantskap tussen die nasionale en provinsiale verkrygingshervormingsproses nie. Dit is problematies aangesien die beste sisteem een sou wees waar daar standardisasie, duidelikheid en wetlike sekerheid bestaan oor die tender proses. `n Voorstel is dat die proses van munisipale verkryging hervorming, in samewerking moet wees met nasionale en provinsiale prosesse sodat daar `n uniforme en koherente benadering ontwikkel kan word (Emdon , 1999 : 10).

5.4.6. SMME ONDERSTEUNING

In die opening van die SMME Konferensie in 1995, het President Mandela gesê: "Die ontwikkeling van die SMME sektor is krities vir die sosiale en ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika" (LED News , 1996 : 4). Sommiges argumenteer dat die registrasie vereistes wat geplaas word op klein besighede, onbemagtigend is, en dat dit ten minste op een plek gehuisves kan word. Sekere plaaslike regerings erken dat hulle `n rol het om te speel in die bevordering van SMME's, terwyl ander weer hierdie rol sien lê by `n besigheidsondersteuningsentrum buite die plaaslike regering. Ander plaaslike regerings speel weer `n groter rol in die opstel van sulke sentrums, en ook om hul programme en funksies te definieer.

`n Voorstel wat hieruit kom, is dat riglyne opgestel moet word oor die rol wat plaaslike regeringsliggame moet speel met betrekking tot SMME ondersteuning (Emdon , 1999 : 11).

5.4.7 VERORDERINGE MOET VEREENVOUDIG , TOEPASLIK EN LED VRIENDELIK GEMAAK WORD

Die benadering tot LED wat deur sekere plaaslike owerhede gevolg word, naamlik dat LED gebruik moet word om primêr werk te skep en gemeenskapsontwikkeling te ondersteun, lei daartoe dat hierdie rade beperkte regulasie ondersteun. Die Besigheidswet is die nasionale wetgewing wat hierdie filosofie ondersteun, deurdat dit byvoorbeeld poog om die omgewing meer vriendelik te maak vir straathandel. Die LED benadering waar die munisipaliteit poog om investering te lok en dienslewering

te verbeter, sal weer hoër vlakke van regulasie vereis. 'n Nagevolg van bogenoemde twee teenstrydige opinies was dat die hele kwessie van deregulasie weer ontleed is. Die idee van toepaslike regulasie het nou groot ondersteuning. Daar bestaan nou 'n duidelike begrip dat sekere verordeninge en beheermaatreels te streng is, en wat meestal geskryf is in die Apartheids-era. So byvoorbeeld moet die Nasionale Bouregulasies hersien word aangesien die regulasies te streng is. Sekere gesondheidsverordeninge wat munisipaliteite toepas, is nie meer toepaslik in 'n gemeenskap waar kos in groot maat in strate gemaak word, eerder as in restaurante met hoër standaarde nie (Emdon , 1999 : 12).

Dit is dus noodsaaklik vir munisipaliteite om proaktief hulle verordeninge te hersien, sodat dit toepaslik is in die nuwe Suid-Afrika. Hierdie verordeninge moet egter steeds afdwinging word om orde te behou. LED is dus nie net oor werkskepping en bemagtigingsinisiatiewe en spesiale projekte nie. Dit gaan ook oor die breër omgewing en die skep van omstandighede wat besighede en investering lok. Dit vereis 'n sekere mate van verordening handhawing en bestuur. Die volgende voorstelle word gemaak:

- Daar moet van munisipaliteite vereis word om bestaande verordeninge te hersien. Die hersiening van die wette moet daarop mik om eenvoudiger, korter en meer gebruikersvriendelike verordeninge te skep, wat toepaslik is binne die realiteite van die betrokke omgewing ;
- Verordeninge moet maklik afdwingbaar wees ;
- Model verordeninge kan vir spesifieke aktiwiteite geskep word, wat dan deur munisipaliteite as riglyn gebruik kan word (Emdon , 1999: 13).

5.5 LED STRUKTURE BINNE DIE MUNISIPALITEIT

Die munisipaliteit moet besluit waar sy LED eenheid geleë sal wees, in aggenome die IDP doelwitte en strategieë. Dit sal bepaal watter funksies, magte en hulpbronne die LED eenheid moet hê. Laasgenoemde sal bepaal watter tipe struktuur die LED eenheid sal aanneem, en of daar enigsins 'n LED eenheid moet wees .

Hier volg 4 verskillende opsies vir die plasing van 'n LED eenheid binne die munisipaliteit :

- `n Aparte LED eenheid

In hierdie geval kom die LED eenheid nie voor in `n aparte departement nie. Dit het die verantwoordelikheid om leiding te gee oor LED kwessies, beleidsformulering, die koördinerende van LED beplanning, en om te verseker dat planne geïmplementeer word. Die probleem met hierdie tipe eenheid is dat dit nie veel invloed het oor ander departemente nie, aangesien begrotings-gebaseerde mag ontbreek, met ander woorde die begroting toekennings gaan na die ander departemente en nie na die LED eenheid nie (Planact(a) , Undated ; 16) .

- `n LED eenheid in die Ekonomiese departement

Die LED eenheid kan geplaas word in die Ekonomiese Departement. Dit kan moontlik beteken dat minder aandag gegee sal word aan die breë strategie en die implementering daarvan. Hierdie breë oorsig is egter noodsaaklik vir transformasie om plaas te vind. Dit sal ook moeilik wees om LED personeel in ander departemente te plaas, aangesien addisionele personeel gehuur moet word. Dit is veral problematies vir kleiner munisipaliteite (Planact (a), Undated : 16) .

- `n LED eenheid in die Beplannings-en Ontwikkelingsdepartement

As die LED eenheid geplaas moet word binne `n lyn departement, is die Beplannings-en Ontwikkelingsdepartement die beste plek daarvoor. Hierdie departement speel `n sleutel rol in ontwikkelingsbeplanning omdat dit met ruimtelike beplanning, IDP's en grondontwikkelingsdoelwitte handel. Hierdie 3 vorme van beplanning staan sentraal in LED (Planact (a), Undated : 17) .

- Regeringsagentskap of privaat agentskap

`n Laaste opsie – veral vir kleiner munisipaliteite met min kapasiteit – is om `n regeringsagentskap of `n privaat agentskap te stig wat deur die regering onderskryf word. `n Regeringsagentskap het die voordeel dat dit direk skakel met die politieke sisteem, en ook dat dit toegang het tot die ander sferes van regering. `n Privaat agentskap word gewoonlik geborg deur besighede en die gemeenskap. Die voordele van ontwikkelingsagentskappe is dat dit heeltemal kan fokus op die beplanning en implementering van LED programme, sonder om in die burokrasie opgevang te word. Voorbeelde van sulke ontwikkelingsagentskappe in Suid-Afrika is " Investment South-Africa ", WESGRO, en " the Stutterheim Development Foundation " (Planact (a), Undated : 17) .


Hoofstuk 6

Gevallestudies

Uit Hoofstuk 5 het die veranderende rol van plaaslike regerings in die nuwe Suid-Afrika duidelik na vore gekom. Ingevolge hierdie nuwe rol is plaaslike owerhede nie net meer verantwoordelik vir die lewering van sosiale dienste nie, maar is hulle nou ook verantwoordelik vir die sosiale en ekonomiese welvaart van hulle onderskeie gemeenskappe. Hierdie "bottom-up" benadering en verantwoordelikheid oor ontwikkeling word in die Grondwet en in verskeie ander wette en beleide van die regering saamgevat. Hoe vinniger munisipaliteite hierdie verantwoordelikheid oor ontwikkeling aanvaar, hoe vinniger kan daar 'n verskil gemaak word in die daglike lewensomstandighede van die minderbevoorregtes in Suid-Afrika. Soos reeds gemeld in die vorige hoofstukke, kan LED 'n groot rol speel om hierdie "bottom-up" ontwikkelingsproses te dryf. Die regering erken ook die potensiële positiewe impak van LED, en vereis dus van munisipaliteite om Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne (GOP's) op te stel waarbinne die LED proses en beleid saamgevat moet word.

Vervolgens is vier munisipaliteite binne die Kaapse Metropolitaanse gebied ontleed om sodoende te bepaal wat die rol is van LED strategieë binne elke gebied. Die 4 munisipaliteite is Tygerberg; Kaapstad; Oostenberg ; en Suid-Skiereiland. Die rol wat die onderskeie owerhede, gemeenskap, privaatsektor en ander deelnemers speel, asook die verskillende benaderings en vennootskappe soos dit in elke studie voorkom, is ook uitgelig.

Die nodige inligting oor elke munisipaliteit is ingesamel deur gebruik te maak van onderhoude met spesifieke persone binne elke gebied wat met LED getaak is. Figuur 1 toon die verspreiding van die vier owerheidsgebiede binne die Kaapse Metropolitaanse gebied aan.



Figuur 1 : Die ruimtelike verspreiding van munisipale gebiede binne die Kaapse Metropol.

Bron : Mnr. Groenewald , Beplannings en Ontwikkelingsdepartement , Tygerberg

6.1 LED VRAELYS

Die skrywer het gepoog om met die vraelys inligting te bekom oor die breë kwessies rondom LED waarmee die munisipaliteit te make het. Die vrae poog dus om die volgende kwessies te dek, naamlik: algemene vrae oor die LED beleid, asook die inhoud van die beleid; vrae oor LED projekte binne die studiegebied; en vrae om die beleide en projekte te evalueer.

6.1.1 VRAE OOR DIE ALGEMENE LED BELEID/PROGRAM

- Het u plaaslike owerheid 'n algemene beleid oor LED ?
- Indien wel, waarin is die beleid vervat? Sektorale LED raamwerk / interne beleidsdokument / ander.....
- Watter proses is gebruik om die beleid op te stel ?
- Hoe is die proses of die opstel van die beleid begin ? Het enige spesifieke persone/ organisasies 'n belangrike rol hiermee gespeel ?
- Watter fondse het u tot u beskikking vir die opstel en implementering van die beleid?
- Wat is die doelwitte van die beleid ?
- Is die doelwitte gemik op die behoeftes en geleenthede van u gebied ? Wat is die behoeftes van u gemeenskap ?
- Wat is die rol van die plaaslike owerheid, privaatsektor, die gemeenskap, ensovoorts in die beleid / program ?
- Hoe word die volgende sleutelwaardes in die beleid / program hanteer :
 - mensgebaseerde benadering tot ontwikkeling
 - bemagtiging
 - volhoubare ontwikkeling

6.1.2 VRAE OOR LED PROJEKTE

- Het u owerheid enige LED projekte geloods ?

- Indien wel, watter tipe projekte ? Beskryf die projekte en die vordering daarmee?
- Waarom is hierdie spesifieke projekte gekies ?
- Wie is betrokke by die implementering van die projekte ?
- Wat is die rol van die volgende sleutelwaardes in die projekte ?
 - mensgebaseerde benadering tot ontwikkeling ?
 - bemagtiging
 - volhoubare ontwikkeling

6.1.3 EVALUERING VAN BELEID EN PROJEKTE

- Wat is volgens u die suksesse van die beleid ?
- Wat is volgens u die probleme met die beleid ?
- Wat is volgens u die suksesse van die onderskeie projekte ?
- Wat is volgens u die probleme met die onderskeie projekte ? Watter aspekte kan verbeter word ?

6.2 SUID-SKIEREILAND MUNISIPALITEIT

6.2.1 LED BELEID

Die skrywer het die onderstaande inligting bekom vanaf Mnr. Gretton, wat die Direkteur is van die Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme Direkoraat in die Suid-Skiereiland Munisipaliteit :

In Junie 1999 het die Suid-Skiereiland munisipaliteit 'n dokument uitgegee naamlik:

"A Framework for Local Economic Development", (Wesgro , 1999). Hierdie dokument dien as beplannings- en bemarkingstrategie, en monitor gereedskap vir die Suid-Skiereiland munisipaliteit (SPM) en ander sleutel groepe in die gebied. Hierdie dokument ontleed nie ekonomiese ontwikkelingstrategieë wat oor die afgelope twee jaar begin is nie. Hierdie analise en kritiek sal gedoen word as deel van die GOP. Die proses wat gebruik is om die dokument op te stel, was die strategiese beplanningsproses wat begin is 1997 toe munisipale amptenare van die nuut gestigte

munisipaliteit die sterktes en swakhede van die gebied bespreek het, asook die rol wat die munisipaliteit moet opneem in die proses van LED. Teen die einde van 1997 is die "Economic Development and Tourism Integrated Work Group" (IWG) gestig, wat bestaan uit munisipale amptenare; raadslede; Wesgro; Suid-Skiereiland Munisipaliteit ondersteuningspersoneel en besigheidsverteenwoordigers. Die IWG vergader maandeliks en is gereeld in verbinding met die publiek en die Suid-Skiereiland Munisipale Raad om hulle in te lig oor strategieë en die ontwikkelingsproses. Die IWG en die munisipaliteit besef dat dit nie help om `n uitgerekte strategiese beplanningsproses te volg as daar nie hulpbronne beskikbaar is om die beleide te implementeer nie.




Diagram 4 : Die sleutel rolspelers in LED binne die Suid-Skiereiland Munisipale Gebied

Bron :South Peninsula Municipality , 1999 : 16.

Die munisipaliteit se sterkpunt is sy toerisme en dus fokus die ontwikkelingsbeleid 60% op toerisme. Die munisipaliteit het die KMR genader om die toerisme beleid vir

die munisipaliteit op te stel. Die Suid-Skiereiland Munisipaliteit se LED beleidsdoelwitte is die volgende :

- Om die lewenskwaliteit van die agtergeblewe gemeenskappe binne die Suid-Skiereiland Munisipale gebied te verbeter ;
- Om volhoubare ekonomiese groei te skep waar die voordele hiervan deur die hele gemeenskap gedeel word ;
- Agtergeblewe gemeenskappe moet bemagtig word ;
- Die Munisipaliteit moet globaal mededingend wees deur te fokus op die gebied se groeisektore;
- Studies moet gedoen word van suksesvolle stede sodat hulle model nagevolg kan word ;
- Die vergelykende voordele van die gebied moet maksimaal benut word ;
- Daar moet gefokus word op lewensvatbare projekte ;
- Privaat-openbare vennootskappe moet op alle vlakke bevorder word ; en
- Die inligtingsbasis rakende alle aspekte van sosio-ekonomiese ontwikkeling moet uitgebrei word .

Volgens Gretton is die rol van die Munisipaliteit om as fasiliteerder op te tree en sodoende die gemeenskap, privaatsektor en belangegroepes bymekaar te bring sodat 'n toepaslike beleid geformuleer kan word, wat fokus op die behoeftes en geleenthede van die betrokke gebied.

Die beleid poog om die agtergeblewe gemeenskappe te bemagtig deur hoofsaaklik SMME's te ondersteun. Die Munisipaliteit poog om SMME's te verbind met openbare sektor organisasies. Die Munisipaliteit ondersteun die Besigheidsgeleenthedennetwerk (BON), en het 'n regstellende verkryging strategie ("procurement ") wat poog om plaaslike SMME's suksesvol te maak in die tenderproses. Hierdeur word agtergeblewe SMME's versterk en baie mense bemagtig. Mense word ook bemagtig deur opleiding in entrepreneurskap, en SMME bestuur- en informele sektor vaardighede. Die Munisipaliteit werk byvoorbeeld saam met die Febdev en Cafda's

opleidingsentrums in Noordhoek Vallei. Die Suid-Skiereilandse ekonomie word gedomineer deur SMME's. Daar is omtrent 5000 SMME's binne die gebied .




Diagram 5 : Die verskillende areas wat ondersteun moet word deur nasionale -; provinsiale -; plaaslike regering en die privaatsektor en NGO's

Bron : South Peninsula Municipality , 1999 : 14.

6.2.2 LED PROJEKTE

Die volgende is die LED projekte wat deur die Munisipaliteit geïmplementeer word :

- Regstellende verkryging ("procurement ") wat fokus op die SMME sektor. Tenders word deur die Suid-Skiereiland Munisipaliteit uitgegee aan SMME's wat kwalitatief aan die dienstandaarde van die munisipaliteit voldoen. Die SMME's wat nie die eerste keer die tenders kry nie, neem aan 'n program deel wat deur die KMR gelei word, waardeur hulle kapasiteit opgebou word om aan die munisipale dienstandaarde te voldoen. Hierna kan hulle weer vir tenders aansoek doen. Tenders word op 'n regstellende basis aan voorheen uitgesluite SMME's gegee ;
- Entrepeneur opleidingsprogramme word aangebied aan armes en agtergeblewenes. Die Febdev opleidingsentrum is gebou met behulp van KMR bevondsing. Hierdie opleidingsorganisasie funksioneer as 'n Artikel 21 nie winsgewende maatskappy ;
- Die betrokke Munisipaliteit is ook besig met spesifieke LED projekte wat hulle koördineer binne hulle munisipale gebied en ook binne die hele KMR, naamlik die skep van internet hoekies ("internet corners ") in spesifieke biblioteke binne agtergeblewe gebiede. Tendersaars kan dan gebruik maak van die internet om informasie te kry oor die tenderprosedures, en kan dit ook gebruik om te tender by die Munisipaliteit. Daar word later in die werkstuk gekyk na 'n spesifieke LED projek waar 'n besigheids -hoekie ("business corner ") geskep is ;
- Die Munisipaliteit het saam met die Suid-Afrikaanse Vloot 'n "Vloot Week" gereël wat dien as 'n toeriste attraksie. Die "World Game Fishing " kompetisie is ook binne die Suid-Skiereiland Munisipale gebied gehou hierdie jaar ;
- Die Westlake projek val ook binne die Suid-Skiereiland munisipale gebied. Die Provinsie het in hierdie geval die regte op die grond verkoop aan Rabie ontwikkelaars wat die gebied ontwikkel het. Deur hierdie ontwikkeling is behuising en werksgeleenthede aan baie mense verskaf.

Volgens mnr. Gretton is hierdie spesifieke projekte gekies omdat dit die groeisektore is waar die meeste geleenthede en gemeenskaplike voordele geskep kan word. Gemeenskapsdeelname het 'n groot rol gespeel in die identifisering van die spesifieke projekte. Instellings wat betrokke is by die implementering van die projekte sluit in tersiëre instellings; besighede; die Direkoraat Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme; en strukture van die Suid-Skiereiland Munisipale Raad. Die Direkoraat is nie soseer betrokke by die implementering van die projekte nie, maar is wel betrokke

by die onderhandelinge om die verskillende rolspelers wat wel die projekte implementeer, bymekaar te bring.




Diagram 6 : LED gebaseerde aksies waarop die Suid-Skiereiland Munisipaliteit fokus.

Bron: South Peninsula Municipality, 1999 : 17.

Net soos met die beleid is een van die doelwitte van die munisipaliteit met hul LED projekte om mense te bemagtig, en ook dat projekte volhoubaar moet wees en nie na 'n ruk misluk nie. Die munisipaliteit se begroting is 'n hulpbron vir baie LED projekte. Hierdie hulpbronne kan menslik, fisies of finansiëel van aard wees. Die munisipaliteit moet egter alternatiewe hulpbronne kry. Belasting en dienskosies kan verhoog word, maar dit kan die area minder aantreklik maak vir potensiële investeerders. Daar is wel alternatiewe bronne wat kom vanaf die nasionale-; provinsiale-; en metropolitaanse regering sowel as die privaatsektor. Hierdie finansiering moet effektief aangewend word.




Diagram 7 : Eksterne finansieringsbronne vir LED

Bron: South Peninsula Municipality, 1999: 17.

6.2.3 EVALUERING VAN DIE LED BELEID EN PROJEKTE

Volgens Gretton is die groot sukses van die LED beleid dat dit al die verskillende rolspelers in die gemeenskap se behoeftes bepaal. Hierna kon werk daarvan gemaak word om die lewenskwaliteit van baie mense in die gebied te verbeter en baie werkseleenthede is geskep. Die beleid het ook daartoe gelei dat die munisipaliteit die verantwoordelikheid aanvaar het om die agtergeblewenes in die Suid-Skiereiland munisipale gebied te help. Die probleme met die beleid volgens Gretton is egter dat LED 'n onbefondste mandaat het. Dit is dikwels moeilik om befondsing te kry om spesifieke LED beleide te formuleer. Verder is dit volgens Gretton moeilik om volgens die Grondwet te bepaal watter spesifieke aksies plaaslike owerhede moet neem om LED te bevorder.

Een van die grootste probleme met die implementering van die LED projekte in die Suid-Skiereiland munisipale gebied volgens Gretton, is dat as gevolg van 'n gebrek aan finansiering, slegs projekte onderneem kan word wat volhoubaar sal wees. Die grootste behoefte bestaan egter by projekte wat nie dadelik self onderhoudend sal wees nie. Daar is volgens Gretton ook nie veel skakeling met die groter KMR se LED projekte nie. Daar is 'n hoë tegnologie sentrum geskep, maar nie veel word vanaf die nasionale regering se kant gedoen om die sentrum te ondersteun nie. Daar is ook 'n gebrek aan koördinering binne die toerisme bedryf. 'n Belangrike punt volgens die skrywer wat Gretton genoem het, is dat die munisipaliteit se GOP nie veel gedoen het om die munisipaliteit se spandering van fondse te beïnvloed nie. Die beleid vir die implementering van LED bestaan, maar die befondsing vir die implementering van

LED projekte ontbreek dikwels. Die gebied se ekonomie word gedomineer deur SMME's. Soos reeds genoem is omtrent 5000 SMME's binne die gebied. Volgens Gretton sien baie amptenare die voorsiening van dienste as deel van ontwikkelingsbeplanning. Dit is egter aan die begin van die vorige hoofstuk duidelik gemaak dat daar 'n verskil is tussen dienslewering en ontwikkeling en dat munisipaliteite vir altwee verantwoordelik is. Die stagnerende fiskale situasie in Suid-Afrika veroorsaak dat die betrokke munisipaliteit net soos baie ander munisipaliteite van lenings gebruik maak om LED projekte te finansier. Hierdie lenings kom dikwels vanaf die "Central Loan Development Fund". Meeste projekte word op lenings gefinansier wat beteken dat munisipaliteite permanent moet afbetaal aan vorige lenings.

Volgens Gretton kan die volgende aspekte verbeter word met die LED beleid en projekte: Daar moet meer skakeling wees tussen privaat-openbare organisasies in die vorm van vennootskappe om gemeenskapsdoelwitte te behaal. Skole en sportgronde kan meer effektief geskakel word, eerstens om agtergeblewenes toegang te gee tot sportsfasiliteite, en tweedens om geld te bespaar.

Geïntegreerde Ontwikkelingsdoelwitte moet geskep word wat 'n skakeling tussen die verskillende regeringsfere bewerkstellig, sodat duplisering van magte uitgeskakel word en verskillende LED programme in verskillende regeringsfere bymekaar kan inskakel. Meer finansiering is nodig om die grootskaalse werkloosheidsprobleme aan te spreek deur LED gebaseerde projekte. Volgens Gretton sal dit dan eers moontlik wees om die grootskaalse sosio-ekonomiese probleme in die munisipaliteit aan te spreek.

Die volgende LED benaderings word uit die voorafgaande ontleding geïdentifiseer wat deur die munisipaliteit gevolg word:

- Die Tradisionele benadering : Die munisipaliteit se sterk punt is sy groot toerisme mark. Daar word grootliks daarop gekonsentreer om die gebied se aantreklikheid vir toeriste te verbeter. So byvoorbeeld het die Suid-Skiereiland Munisipaliteit 'n "Vloot Week" saam met die Suid-Afrikaanse Vloot gehou en die "World Game Fishing" kompetisie is in 1999 binne die gebied gehou;

- Die Ondernemingsbenadering: Die toerisme bedryf is as die belangrikste groeisektor geïdentifiseer waarmee die munisipaliteit gebied 'n kompeterende voordeel bo ander gebiede het. Die munisipaliteit maak ook gebruik van privaat-openbare vennootskappe om LED binne die gebied te bevorder. Die Westlake projek is byvoorbeeld in samewerking met Rabie ontwikkelaars ontwikkel. Die IWG is 'n voorbeeld van 'n ontwikkelingsagentskap wat gestig is in samewerking met die munisipaliteit en die privaat sektor om ontwikkeling in die gebied te stimuleer.
- Menslike Hulpbronontwikkeling: Die Suid-Skiereiland Munisipaliteit fokus sterk op hierdie benadering aangesien dit fokus op opleidingsprogramme vir agtergeblewenes in entrepreneurskap, SMME bestuur-en informele sektor vaardigheidsopleiding by opleidingsentrums binne die gebied, en besigheidshoekies is binne sekere biblioteke gevestig waar tenderaars inligting kan kry oor tenderprosedures.
- Die Progressiewe benadering: Die munisipaliteit konsentreer daarop om werksgeleenthede vir spesifieke teikengroepe te skep, veral binne die SMME sektor en deur die regstellende verkryging beleid.
- Verbetering van plaaslike infrastruktuur: Vooraf benadeelde SMME's word gebruik om openbare dienste te verskaf deurdat die munisipaliteit kontrakte in kleiner dele opbreek sodat dit opgeneem kan word deur hierdie SMME's. Wanneer tenderaars nie die eerste keer slaag met hul poging om tenders te kry nie, word hulle kapasiteit deur opleidingsprogramme versterk sodat hulle die tweede keer sal slaag.

Die munisipaliteit sluit nie die volgende LED benaderings in by hulle beleid nie, maar moet egter volgens die skrywer meer daarop konsentreer:

- Die Privatisering benadering: Die munisipaliteit moet gebruik maak van die deregulasie van sy openbare bates waardeur openbare funksies elimineer word of oorgedra word na die privaat sektor. Sodoende kan voorheen uitgesluite SMME's verbind word tot werkskepping en ekonomiese groei;
- Die Stedelike Doeltreffendheidsbenadering: Volgens hierdie benadering moet plaaslike regerings stedelike produktiwiteit verhoog deur die lewenskoste te verminder en deur besigheid te doen in die plaaslike gebied.

6.3 KAAPSTADSE MUNISIPALITEIT

6.3.1 LED BELEID

Die skrywer het die onderstaande inligting direk verkry vanaf mnr. Arafdien wat deel is van die Beplanning en Ekonomiese Ontwikkelingsdirektoraat van die Kaapstad Munisipaliteit. Die Munisipaliteit van Kaapstad het nog nie 'n amptelike LED beleid wat in 'n dokument saamgevat word nie, alhoewel Arafdien se afdeling in beheer is van 3 afdelings wat veral werk met LED :

- Die formele sektor en internasionale toerisme afdeling :

Hierdie afdeling poog om sektore te bevorder wat die meeste werkseleenthede aan werkloos kan verskaf. Hierdie afdeling fokus ook op toerisme en die ontwikkeling van minderbevoorregte gemeenskappe. Onder andere, wanneer mense rolprente wil maak binne die Kaapstadse Munisipale gebied doen hulle aansoek vir die permit vanaf hierdie afdeling. Die Munisipaliteit van Kaapstad het ook 'n webwerf op die internet geplaas waardeur mense kan aansoekvorms kry vir permitte om rolprente te maak. Hierdie aansoekprosedure is koste-effektief en gebruikersvriendelik, waar rolprentmakers in die verlede vir 'n klomp permitte by verskillende afdelings moes aansoek doen voordat hulle 'n rolprent kon maak.

- Die Wier Gebied Bestuursafdeling

Informele handelaars en vlooiemarkte kon in die verlede op enige plek handel dryf. Hierdie afdeling poog egter nou om informele handel beter te beheer met veranderinge deur spesifieke gebiede te identifiseer waar informele handelaars kan handel dryf. Hierdie afdeling, tesame met die KMR het die Stadsverbeteringsone ("City Improvement District ") geskep. Hierdie is 'n spesifieke deel van die stad waar besighede besig is om uit te beweeg en misdaad toeneem. Hierdie gebied strek vanaf Roelandstraat tot Buitengrachtstraat. Al die besigheidseienaars is verenig en betaal as belastingbetalers nou meer om sodoende hulle gebiedskwaliteit te verbeter. Skoonmaakdienste word nou 3 keer per week in plaas van 1 keer per week gelewer deur die munisipaliteit, en paaie word elke 3 jaar in plaas van 5 jaar opgradeer. Nog 'n inisiatief wat deel vorm van hierdie afdeling se beleid, is die "Business Area Management " wat 'n openbare–privaat vennootskap is, en wat volgens Arafdien die kern vorm van die LED strategieë. 'n Sentrale Stads-kern bestuursmaatskappy is opgestel wat bestaan uit die volgende vennootskappe : 33% Kaapstadse

munisipaliteit ; 33% KMR ; en 33% Besigheid Teen Misdaad. Elke vennoot het 'n gelyke hoeveelheid verteenwoordigers. Hierdie vennootskap funksioneer as 'n Artikel 21 maatskappy. Sodoende word burokratiese rompslomp voorkom en dinge word vinniger uitgevoer.

- Opkomende Besigheidsafdeling

Hierdie afdeling fokus sterk op SMME's. Deur beleide te formuleer wat fokus op SMME ontwikkeling kan die afdeling werksgeleenthede skep in die klein besigheidsektor. Later meer hieroor.

'n Geïntegreerde benadering word gevolg deur die Kaapstad Munisipaliteit in die opstel van die LED beleid. Dit is 'n voortgesette proses wat volgens Arafdien aan die einde van 1999 voltooi sal wees. Wesgro, wat die proses fasiliteer en wat geborg word deur die Kaapstad Munisipaliteit, KMR en die Wes-Kaapse Provinsie, het reeds 'n werkwinkel bymekaar gebring. Hierdie werkwinkel is ook in interaksie met die kommersiële sektor, NGO's en die gemeenskap gehou. Deur hierdie gesamentlike proses kan al die verskillende belangegroepes se behoeftes bepaal word. Hierna gaan 'n konsep LED dokument opgestel word. Werkswinkels, waar die konseptdokument bespreek sal word, word dan gehou waarna die konseptdokument aangepas sal word na aanleiding van kommentaar daarop. Hierna sal die finale LED beleidsdokument hopenlik teen die einde van 1999 voltooi word.

Die doelwitte van die LED beleid is volgens Arafdien as volg : 'n Omgewing moet geskep word wat die kommersiële sektor bevoordeel sodat die Kaapstad Munisipale gebied ekonomies kan groei. Die beleid moet as 'n riglyn dien vir ander amptenare oor hoe om die gebied ekonomies te ontwikkel. Die beleid sal ook help om meetbare en realistiese doelwitte te skep. Arafdien het groot aandag gegee aan die belangrikheid van 'n mensgebaseerde benadering tot ontwikkeling; bemagtiging en volhoubare ontwikkeling. Hierdie sleutelwaardes tot ontwikkeling kom volgens hom nie net in die LED beleid voor nie, maar in alle beleide van die Kaapstad Munisipaliteit. Gemeenskapsdeelname word bevorder in alle beleidsdokumente en ook die formulering daarvan.

Die Munisipaliteit van Kaapstad het die regstellende verkrygingsbeleid aan die begin van 1999 in die Kaapstadse Munisipale gebied begin. Volgens hierdie beleid moet alle kontrakte wat die Kaapstad Munisipaliteit uittender, bemagtiging van minderbevoorregte gemeenskappe bevorder. Punte word toegeken aan besighede

wat bemagtiging aanhelp waarvoor hulle later vergoed sal word. In die Burgersentrum in Kaapstad het die Munisipaliteit van Kaapstad 'n Tender en Advies Sentrum geskep wat poog om tenderaars se behoeftes te bepaal en sodoende die noodsaaklike stappe te neem om hulle te bemagtig. Die Plaaslike Besigheidsdienssentrum lei ook straathandelaars op soos byvoorbeeld in Hannoverpark. Volgens Arafdien is die kwessie van volhoubare ontwikkeling meer sensitief aangesien die publiek dikwels dink die Kaapstad Munisipaliteit is stadig in die uitvoer van die LED beleid. Die Munisipaliteit van Kaapstad poog egter om sy beleid volhoubaar te maak deur te verseker dat projekte volhoubaar sal wees voordat dit geïmplementeer word. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die projekte wat poog om toerisme in die "townships" aan te moedig : Gekleurde pale sal gebruik word spesifieke roetes aan te dui. Elke kleur dui dus 'n ander roete aan. Hierdie inisiatief sal egter nie begin word voordat kommersiële ontwikkeling in die vorm van "craftmarkets" en restaurante eers voltooi is nie. Die toerisme mark word dus eers oopgestel nadat dit verseker is dat die projek volhoubaar sal wees en mense langtermyn werksgeleenthede sal hê.

6.3.2 LED PROJEKTE

Arafdien het die volgende LED projekte genoem wat deur die Kaapstad Munisipaliteit geïmplementeer word :

- Die opgradering van die Athlone stadium. Tenders word toegestaan vir die projek en sal teen die einde van Oktober 1999 uitgegee word. Hierdie is 'n 40 miljoen rand projek en 43% van die bevondsing kom vanaf die KMR en die res vanaf die Kaapstad Munisipaliteit ;
- Die Plaaslike Industriële Park in Guguletu. Hierdie is 'n twee jaar projek wat aan die einde van 1999 begin sal word. Die Kaapstad Munisipaliteit het die grond afgestaan vir die projek, terwyl 'n nutsmaatskappy verantwoordelik sal wees vir die bestuur van die park ;
- Wetton Landsdowne Korridor projek. Hierdie is 'n 5 jaar projek wat teen 2004 voltooi sal word. Hierdie is 'n vennootskap projek tussen die KMR; en die Wes-Kaapse Provinsie. Daar word ook bevondsing vanaf die Wêreldbank gekry vir die

projek. Volgens Arafdien sal die nodes van ekonomiese aktiwiteit grootskaalse werkseleenthede aan werkloses verskaf ;

- Ekonomiese Ontwikkelingsraamwerke word vir elke agtergeblewe gebied binne die Kaapstad Munisipale gebied opgestel. Die gebiede is Manenberg; Guguletu; Heideveld; Phillipi; Hanoverpark; en Mitchellsplein. Guguletu se ontwikkelings raamwerk is reeds voltooi. Hierdie ontwikkelingsraamwerke lei ontwikkeling binne die verskillende gebiede .

Hierdie spesifieke projekte is gekies omdat hulle binne die armoede sones wat deur die Munisipaliteit van Kaapstad geïdentifiseer is, val. Die mees agtergeblewenes van hierdie sones is geïdentifiseer sodat strategiese LED projekte daar toegepas kan word. Projekte sal byvoorbeeld eers in Guguletu aangepak word voor Mitchellsplein, omdat sosio-ekonomiese omstandighede slegter is in daardie gebied .

6.3.3 EVALUERING VAN DIE BELEID EN PROJEKTE

Volgens Arafdien is die suksesse van die beleid dat dit volhoubare ontwikkeling en ekonomiese groei tot gevolg gehad het; armoede is verminder; daar is `n toename in die lewenstandaard van agtergeblewe gemeenskappe, en daar is `n meer gelyke verdeling van hulpbronne binne die Kaapstadse Munisipale gebied.

Arafdien het die volgende probleme met die LED beleid geïdentifiseer: Die ou skool van openbare amptenare verstaan nie die proses van ontwikkelingsbeplanning nie. Dit is volgens Arafdien moeilik om befondsing te kry vir behuisingsprojekte. Daar moet meer gekonsentreer word op die identifisering van grond vir ontwikkeling en die skep van vennootskappe om die grond te ontwikkel. Nog `n probleem is dat mense hul HOP huise verkoop en dan weer terug beweeg na die plakkerskampe. Volhoubare ontwikkeling van die armoediges word dus hierdeur benadeel. Wat in die toekoms volgens Arafdien verbeter kan, word, is dat `n meer geïntegreerde benadering tot die interne organisasie van al die verskillende departemente in die Munisipaliteit van Kaapstad gebruik kan word.

Die suksesse van die projekte is dat daar `n groter begrip is onder gemeenskappe oor waarheen munisipale fondse gaan. Die projekte help om die gemeenskappe bewus te maak van die voordele wat die Munisipaliteit van Kaapstad aan hulle kan bied as die gemeenskap self aktief betrokke raak. Die probleme met die projekte is

dat die gemeenskapsdeelnameproses lank is, en 'n demper plaas op die spoed waarteen projekte voltooi word. Verskille in kommersiële organisasies se behoeftes maak dit moeilik om gemeenskaplike behoeftes te bepaal. Die proses wat gebruik word om eenvormigheid tussen al die verskillende rolspelers te bereik, moet in die toekoms volgens Arafdien vereenvoudig word vir LED projekte om gladder te verloop.

Wesgro het ook 'n studie gedoen vir die Munisipaliteit van Kaapstad om strategiese LED areas te identifiseer wat sal help met werkskepping en ekonomiese ontwikkeling. Hulle het die volgende bevind:

- Die Munisipaliteit van Kaapstad moet 'n makro-perspektief van die hele stad ontwikkel en op papier plaas sodat dit aantreklik is vir investeerders, leiers en die wyer publiek. Hierdeur moet Kaapstad as 'n internasionale stad bemark word. Die Olimpiese Bid het die basis gevestig, maar ongelukkig word die proses nie volgehou nie. Hierdie makro perspektief moet die Munisipaliteit van Kaapstad binne die wyer KMR perspektief plaas;
- Nadat hierdie makro-perspektief van die Kaapstadse Munisipale gebied bepaal is, moet die gebied gesamentlik deur Wesgro en die Munisipaliteit van Kaapstad bemark word in Suid-Afrika en in die internasionale arena ;
- Die Munisipaliteit van Kaapstad moet optimaal gebruik maak van grond, geboue en openbare bates wat aan hulle behoort. 'n Sistematiese oorsig moet gemaak word om alle industrieel gesoneerde grond te identifiseer wat aan die Kaapstad Munisipaliteit behoort, asook grond wat vir verdere kommersiële ontwikkeling geskik is. Hierdie identifikasie moet inskakel met die makro-perspektief wat vroeër genoem is. 'n Lys moet opgestel en gereeld opdateer word, wat alle nuwe opkomende ontwikkelings aantoon om sodoende die publiek in te lig oor alle nuwe ontwikkelings. Al bogenoemde inligting oor die Kaapstadse Munisipale gebied is belangrik sodat Wesgro die nodige inligting het om investeringsaktiwiteite te bevorder.
- Die Munisipaliteit van Kaapstad se benadering tot die fasilitering van groot projekte is volgens Wesgro voldoende, alhoewel daar gepoog moet word om die Kaapstad Munisipaliteit se kapasiteit uit te brei sodat hulle 'n paar groot projekte op dieselfde tyd kan hanteer. Kleiner projekte wat val in die R30 miljoen tot R300 miljoen orde (soos byvoorbeeld die Mitchellsplein Industriële Ontwikkelingspark)

benodig ook dikwels fasilitering vanaf die Munisipaliteit van Kaapstad sodat die proses versnel kan word. Die Munisipaliteit van Kaapstad sal moet besluit of dit die Beplannings en Ontwikkelingsdirektoraat wil vergroot om die voldoende fasiliteringskapasiteit te skep, en of dit `n aparte Ontwikkelingsagentskap wil stig as `n openbare private vennootskap. Wesgro het ook nie die kapasiteit om hierdie rol op `n permanente rol te vervul nie, net op `n ad-hoc basis.

- Dit is belangrik vir die Munisipaliteit van Kaapstad om saam te werk met alle belangegroepe wat `n impak kan hê op die bevordering van ontwikkeling op die plaaslike vlak. Hierdie rolspelers sluit in: Die KMR wat fokus op dieselfde sektore en geografiese gebiede; die provinsiale regering (spesifiek die Departement van Ekonomiese Sake); nasionale agentskappe wat betrokke is by werkskepping; instellings wat verhoudinge met ander Afrika lande fasiliteer; buitelandse hulp agentskappe wat konsentreer op die Wes-Kaapse Metropolitaanse gebied; en privaatsektor agentskappe, besigheidsverenigings en inisiatiewe. Gegewe die Munisipaliteit van Kaapstad se grootte binne die KMR is dit krities dat die Direktoraat Ekonomiese Beplanning en Ontwikkeling oor die kapasiteit beskik om bogenoemde netwerke te onderhou, en dat die Direktoraat met spesifieke belangegroepe kan onderhandel oor hulle deelname in die LED ontwikkelingsproses.

- Met inaggenome die skaarsheid van hulpbronne moet die Kaapstad Munisipaliteit SMME's ondersteun deur sektor ondersteuningsprogramme beskikbaar te maak. Die Kaapstad Munisipaliteit het volgens Wesgro baanbrekerwerk gedoen om die SMME sektor se reguleringsraamwerk te vereenvoudig (soos byvoorbeeld die skep van riglyne om aan te toon hoe `n besigheid vanaf die huis bestuur kan word). In die beheer en ontwikkeling van die informele sektor het die Munisipaliteit van Kaapstad ook baie vordering gemaak oor die afgelope 2 jaar. Hierdie vordering moet egter volgehou word deur onder andere toepaslike personeel te voorsien aan die relevante afdelings sodat regulasies streng toegepas kan word; en informele handelsgebiede, diensgebiede en fisiese fasiliteite moet verder ontwikkel word.

Met die fasilitering van plaaslike industriële parke stel Wesgro `n tweeledige benadering voor: maksimale ondersteuning moet gegee word aan private klein industriële parke ; en loodsprojekte van industriële parke wat direk deur die Kaapstad Munisipaliteit bevonds word, moet eers goed ontleed word om te bepaal of die projekte lewensvatbaar sal wees .

Die Munisipaliteit van Kaapstad maak gereeld bevondsing beskikbaar aan die Besigheids Geleentheidsnetwerk (BON) en is ook aktief betrokke by die bewusmaking van SMME verkryging ("procurement"). Die Munisipaliteit van Kaapstad moet volgens Wesgro steeds betrokke wees hierby, alhoewel 'n gereelde verslag opgestel moet word deur die Kaapstad Munisipaliteit wat die vordering aantoon met SMME groei sektore en verkrygingsbeleide.

Die Munisipaliteit van Kaapstad is 'n groot openbare sektor agentskap, en moet dus help om diverse klein besigheidsverenigings te integreer sodat onderhandelinge vereenvoudig kan word, ekonomiese kostes verminder kan word, en sodat leierskap versterk kan word. 'n Praktiese manier om SMME's te verenig, is om SMME's wat vir finansiële hulp aansoek doen, aan te moedig om met gesamentlike idees en planne vorendag te kom, eerder as om met alle relevante belangegroepes te onderhandel om konsensus te bewerkstellig.

Die Munisipaliteit van Kaapstad moet ook volgens Wesgro poog om 'n gestandaardiseerde jaarlikse vorderingsverslag oor SMME ontwikkeling in die Kaapstad Munisipale gebied op te stel. Verslagskrifte vanaf BON en ander organisasies wat deur die Munisipaliteit van Kaapstad bevonds word, kan 'n waardevolle bydrae lewer tot so 'n jaarlikse SMME vorderingsverslag (Wesgro , Undated : 1-5).

Die volgende LED benaderings wat deur die Munisipaliteit van Kaapstad gebruik word, kan uit die voorafgaande ontleding geïdentifiseer word :

- Die Tradisionele benadering: Die Munisipaliteit van Kaapstad het binne die Beplannings- en Ekonomiese Ontwikkelingsdirektorat 'n formele sektor en internasionale toerisme afdeling wat fokus daarop om sektore te bevorder wat die meeste werkseleenthede sal voorsien aan agtergeblewenes, en wat ook fokus op die bevordering van toerisme. Die proses om toestemming te kry om rolprente binne die gebied te maak, is byvoorbeeld heelwat vereenvoudig sodat die gebied meer aantreklik is vir potensiële rolprentmakers.
- Privaat-openbare vennootskappe: Die Munisipaliteit van Kaapstad maak grootliks gebruik van hierdie benadering om LED binne die gebied te stimuleer. Daar is byvoorbeeld die "Business Area Management", "Business Against Crime", en ook 'n

vennootskap met die Wêreldbank vir ontwikkelingsfondse. Die eerste twee vennootskappe is voorbeelde van stedelike ontwikkelingsagentskappe.

- **Menslike Hulpbronontwikkeling:** Die Opkomende besigheidsafdeling konsentreer op SMME ontwikkeling sodat hierdie sektor werksgeleenthede kan verskaf. Die Plaaslike Besigheidsdienssentrum lei ook straathandelaars op in in byvoorbeeld Hannoverpark.
- **Die gemeenskapsgebaseerde benadering:** Werkswinkels word gereeld gereël wat die LED proses dryf. Sodoende word die kommersiële sektor, NGO's en die gemeenskap bymekaar gebring. Die Kaapstad munisipaliteit het ook 'n regstellende verkrygingsbeleid waardeur dit poog om minderbevoorregte gemeenskappe te bevorder. Deur hierdie beleid moet alle kontrakte bemagtiging van minderbevoorregte gemeenskappe bevorder.
- **Progressiewe benadering:** Die Kaapstad munisipaliteit se tender prosedures en SMME ontwikkelings-inisiatiewe fokus op die stimulasie van ekonomiese aktiwiteite onder spesifieke teikengroepe. Hierdie doelwit is 'n integrale deel van die progressiewe benadering tot LED.
- **Bemagtiging en Volhoubaarheid:** Die Kaapstad munisipaliteit lê groot klem op hierdie benadering, nie net binne die Beplannings-en Ontwikkelingsdirektoraat nie, maar binne al die verskillende sferes van die munisipaliteit. Alle LED beleide en projekte se vorm word so ontwerp dat dit volhoubaar sal wees en dat dit bemagtiging sal bevorder.
- **Bemerk die gemeenskap:** Die Kaapstadse Olimpiese Bid het grootliks gehelp om die stad se beeld te bevorder as 'n investeringsvriendelike gebied. Hierdie was egter volgens Wesgro net die begin van die proses, en dat die Kaapstad munisipaliteit nog baie moet doen om die bemarkingsproses uit te brei.

6.4 TYGERBERG MUNISIPALITEIT

6.4.1 LED BELEID

Die skrywer het die volgende inligting verkry vanaf mnr. Groenewald, wat deel is van die Direktoraat Beplanning-en Ekonomiese Ontwikkeling van die Tygerberg Munisipaliteit. Volgens Groenewald is hierdie die grootste Direktoraat Beplanning-en

Ekonomiese Ontwikkeling in die Kaapse Metropolitaanse gebied. Hierdie gebied toon ook die vinnigste ekonomiese groei koers in die Kaapse Metropolitaanse gebied. Tygerberg het nie 'n spesifieke LED beleidsdokument nie, alhoewel hulle 'n 1999/2000 Besigheidsplan opgestel het waarin LED beginsels vervat word. Hierdie dokument is deel van Tygerberg se 1999/2000 begroting en Geïntegreerde Ontwikkelingsplan. Hierdie is egter slegs die eerste konsep. Die finale dokument sal aan die einde van 1999 voltooi wees. Hierdie plan bevat ook voorstelle vir 3 jaar oor programme, projekte, diensdoelwitte en begrotings. Volgens Groenewald is hierdie beleidsdokument as gevolg van twee redes opgestel: Eerstens as gevolg van gemeenskapsdruk omdat belastingbetalers ongelukkig is oor seker kwessies. Groenewald het die voorbeeld van stedelike boerdery in Khayelitsha gebruik. Daar bestaan geen grondsonering in die gebied nie, wat beteken dat niemand verantwoordelik gehou kan word vir ongewenste elemente nie. Bokke loop byvoorbeeld die hele gebied vol en eet ook enigiets wat voorkom. As gevolg hiervan neem die kwaliteit van produkte af wat vanaf hierdie diere geproduseer word. Sodoende hou die diere groot gesondheidsrisikos in vir mense wat die produkte gaan gebruik, en die gemeenskap is ongelukkig hieroor. Die tweede rede vir die skep van die beleidsdokument was omdat dit vereis word deur die Nasionale Regering dat munisipaliteite beleide formuleer wat tot die verbetering in lewenstandaard van die gebied se inwoners sal lei.

Volgens Groenewald is daar beperkte finansieële bronne om spesifieke LED beleide en projekte te formuleer. 'n Kapitaalbegroting word wel vir elke spesifieke LED projek opgestel. Die Tygerberg Munisipaliteit maak grootliks staat op eksterne vennootskappe om kapitaal en insette te bekom vir LED beleide en projekte. Die Direkoraat se huidige programme poog om vennootskappe te skep in die volgende verskillende kategorieë:

- Internasionale vennootskappe sluit die volgende in : Britse Departement vir Internasionale Ontwikkeling, (kapasiteitsbou en ekonomiese ontwikkeling); Glasgow agentskap vir ekonomiese ontwikkelingsprogramme; DANCED wat programme aanbied om mense veilige boumetodes te leer ; 'n vennootskap met Lyon in Frankryk wat programme aanbied vir die verbetering van openbare gebiede ; en Nederland vir stedelike landbou programme;

- Koöperatiewe regeringsvennootskappe sluit die volgende in: Departement van Handel en Nywerheid, Wes Kaapse Administrasie en KMR vir ekonomiese ontwikkeling;
- Vennootskappe met groot koöperatiewe instellings vir tenderadvies, SMME ondersteuning en finansiering;
- Gemeenskapsvennootskappe met die gemeenskap is volgens Goenewald baie belangrik sodat die kapasiteit opgebou kan word om LED programme en beleide suksesvol aan te pak;

Die Beplanning-en Ekonomiese beleid van die Direkoraat gee leiding aan kapitaalinvestering en dienslewering op die grond deur ander Direkorate. Die Direkoraat Beplanning- en Ekonomiese Ontwikkeling moet dus saamwerk op alle vlakke met die Siviele Ingenieurs-, Gemeenskapsdienste-, en Elektroniese Ingenieurswese Direkorate. Vennootskappe speel dus 'n groot rol in die Tygerberg Munisipaliteit se strewe om meer te doen met hulpbronne tot voordeel van die gemeenskap. (Tygerberg Munisipaliteit , 1999 : 4).

Die doelwitte van die beleid is as volg : vermindering van armoede en werkskepping vir agtergeblewe gemeenskappe; die implementering van lewensvatbare projekte\programme; skepping van vennootskappe sodat meer met minder gedoen kan word; en samewerking met die verskillende vlakke van regering om ontwikkelingsdoelwitte te behaal.

Die beleid is volgens die skrywer gebaseer op die Tygerberg Munisipale gebied se inwoners se behoeftes. Die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk maak voorsiening vir 12 werksinkels per jaar waar verskillende belangegroepes uit die gemeenskap betrek word om hul behoeftes voor te lê aan die Tygerberg Munisipaliteit. Twee keer per jaar kom daar 300 forums bymekaar wat dieselfde rol vervul. Die grootste behoeftes wat genoem word is die verbetering van die swak kwaliteit van dienste; misdaad vermindering; behuisingsvoorsiening; en skepping van geleenthede vir agtergeblewe gemeenskappe.

Die Tygerberg Munisipaliteit sien sy rol in LED as inisieerder en fasiliteerder. As inisieerder bring die Tygerberg Munisipaliteit al die verskillende rolspelers bymekaar en doen self al die navorsing oor die lewensvatbaarheid van spesifieke projekte. Finansiering hiervoor kom ook uit die Tygerberg Munisipaliteit se sak. As fasiliteerder

staan die Tygerberg Munisipaliteit onder andere grond af vir behuising en staan die toepaslike sonerings toe.

Die Tygerberg Munisipaliteit inkorporeer die sleutelwaardes van LED as volg in sy beleid :

'n Mensgebaseerde benadering tot LED word bevorder deur byvoorbeeld die tender proses in verskillende vlakke te verdeel volgens die verskillende groottes van tenders. Sodoende kan slegs sekere inkomste groepe sekere tenders kry. Mense word ook opgelei om hul eie huise te bou. Die Plaaslike Besigheidsentrum is spesifiek in die Tygerberg Munisipale gebied geskep met die doel om mense se kapasiteit deur opleidingsprogramme te verhoog. Die Tygerberg Munisipaliteit tree egter meer as fasiliteerder op deur byvoorbeeld verantwoordelik te wees vir die bou van die sentrum en dan geld beskikbaar te stel vir NGO's om die opleiding te voorsien. Die Britse Departement vir Internasionale Ontwikkeling is ook tans besig met 'n 10 jaar plan (met 'n algehele koste van R 5,5 miljoen) wat net konsentreer op die verbetering van agtergeblewe mense se kapasiteit om hul eie lewensomstandighede te verbeter.

Die Direkoraat se beleid pas die beginsel van volhoubare ontwikkeling streng toe deurdat dit slegs projekte aanpak wat sal oorleef. Die finansieele insette wat gemaak word in 'n projek moet lei tot suksesse. Die Direkoraat fasiliteer ook stedelike volhoubare klein boerdery aktiwiteite deur grond af te staan aan kleinboere en hulle te leer hoe om hulle diere te brandmerk. Hierdie projekte word dan bygestaan totdat dit op 'n volhoubare operasionele vlak is.

6.4.2 LED PROJEKTE

Die Direkoraat Beplanning-en Ekonomiese Ontwikkeling het die volgende LED projekte aangepak gedurende 1998 en 1999:

- Drie Besigheidsondersteunings-amptenare is in 3 Plaaslike Besigheidsondersteuningsentrums in die Kus-, Suid-, en Wes diens areas aangestel;
- Die Tygerberg Munisipaliteit se informele handel regulasies is goedgekeur deur die Wes Kaapse Provinsie en daar is ook begin om informele handelsareas af te merk;
- Die Tygerberg Toerisme Buro is vrygestel;

- Internet toegang is geskep vir die gemeenskap van Khayelitsha deurdat Britse Departement vir Internasionale Ontwikkeling befondsing rekenaar fasiliteite in plaaslike biblioteke geïnstalleer het ;
- Die Direkoraat het 'n proses begin om 'n Munisipale Dienste Vennootskap (MSP) organisasie te skep wat LED in die toekoms kan dryf;
- Studies oor lewensvatbaarheid en voorstelle vir gesamentlike vennootskappe is gebruik om die ontwikkeling te inisieer van die Khayelitsha SSK en die Monwabisi Nodusse;
- Strategiese grond is vrygestel met 'n waarde van R 1,7 miljoen, en daar het ook voorstelle vorendag gekom om die grond te ontwikkel met 'n waarde van R4 miljoen ; 'n Besigheidsverbeteringsgebied (BID) is in die Elsiesriviervallei geskep en 'n ontwikkelingsvennootskap is geskep met die Universiteit van Stellenbosch op die Bellville Kampus;
- Mark stalletjies is pas voltooi in Gebied C in Khayelitsha wat tans uitverhuur word ;
- 'n Regstellende verkrygingsbeleid ("procurement ") is geskep vir die Tygerberg Munisipaliteit;
- Afgevaardigdes vanaf die Tygerberg Munisipaliteit is gestuur om LED inisiatiewe te ondersoek in Glasgow, Devon, Manchester en Holland;
- 'n Ekonomiese Ontwikkelingsraamwerk is voltooi om ekonomiese programme beter te integreer in Tygerberg se Geïntegreerde ontwikkelingsplan (GOP) ;
- 'n SMME en 'n Werkskeppingstudie is voltooi sodat die GOP en LED pogings gemonitor kan word;
- R500 000 is bekom vanaf die Britse Departement vir Internasionale Ontwikkeling om 'n kapasiteitsbou en moniteringsprogram te inisieer deur 'n vennootskap met die Gemeenskapskaking Departement in Khayelitsha. Hierdie geld sal ook vir 'n verdere LED program gebruik word;
- 'n "Three City LED Partnership " is geskep met Glasgow en Umtata;
- Voorstelle is ontwikkel vir 'n intensiewe 3 jaar LED en IDP bystand program wat geskakel is met die DFID (Britse Departement vir Internasionale Ontwikkeling) in vennootskap met die Kaapse Metropolitaanse Raad, Provinsiale Administrasie Wes

Kaap, Departement van Handel en Nywerheid en die Departement van Grondwetlike Ontwikkeling ; en

•R600 000 is bekom vanaf die KMR Werkskeppingsfonds vir Behuisingsondersteuning en Infrastruktuur.

Hierdie spesifieke projekte is volgens Groenewald deur die Direkoraat aangepak, omdat dit die grootste positiewe impak sal hê op die verbetering van mense se lewensstandaarde en die vermindering van armoede in die Tygerberg Munisipale gebied.

6.4.3 EVALUERING VAN DIE LED BELEID EN PROJEKTE

Dertien munisipaliteite is geïntegreer sedert Julie 1996 en vanuit die projekte wat reeds in hierdie tydperk geïmplementeer is, is dit duidelik dat die beleid tot dusver redelik suksesvol was. Baie navorsing is gedoen in die formulering van die beleid, terwyl 90% van die projekte op die drumpel van implementasie is. Die probleme met die beleid is egter as volg: Die kapasiteit ontbreek dikwels onder amptenare en die gemeenskap om die beleid te implementeer; administratiewe vereistes en die regering se regulasieraamwerk veroorsaak dat dit byvoorbeeld 18 maande in plaas van 6 maande sal neem om LED projekte te implementeer; die Direkoraat kan ook nie die werk van NGO's doen nie, en vennootskappe met NGO's om spesifieke projekte te implementeer, ontbreek dikwels; sekere bestaande beheermaatreëls binne die Tygerberg Munisipaliteit se beleid moet aangepas word sodat LED programme meer effektief, gladder en vinniger kan verloop.

Die probleme met die implementering van LED-projekte is as volg: Finansiering ontbreek dikwels om die kapasiteit onder gemeenskappe te vestig, voordat LED projekte aangepak kan word. Privaat investeerders in LED projekte wil onmiddellike resultate sien en verstaan dikwels nie die hele volhoubare LED projek implementeringsproses nie. Die tydsraamwerk en implementeringstydperk van projekte is te lank. Baie amptenare en mense op die grond wat LED projekte implementeer, toon geen kreatiwiteit om probleme op te los as dit ontstaan nie. Die politici wissel dikwels hul prioriteite wat veroorsaak dat die fokus op LED projekte verander moet word op die munisipale vlak.

Die volgende LED benaderings word uit die voorafgaande gedeelte deur die skrywer geïdentifiseer wat deur die Tygerberg Munisipaliteit gebruik word om LED te bevorder:

- Die Tradisionele benadering: Die Tygerberg Munisipaliteit het grootliks weg beweeg vanaf die Tradisionele benadering waar die gebied poog om investering na die gebied te lok. Hierdie munisipaliteit het eerder proaktief betrokke geraak by die proses waardeur potensiele investeerders en ontwikkelingsorganisasies geïdentifiseer word en ook genader word om te investeer in die gebied. Eksterne vennootskappe en kapitaal speel 'n groot rol in LED aktiwiteite binne die gebied.
- Privaat-Openbare vennootskappe: Die Tygerberg Munisipaliteit poog om vennootskappe te sluit in die volgende kategorieë : Internasionale vennootskappe; Koöperatiewe regeringsvennootskappe; vennootskappe met groot koöperatiewe instellings vir tenderadvies; en gemeenskapsvennootskappe. Hierdie proaktiewe rol van die Tygerberg Munisipaliteit om vennootskappe te stig, het grootliks aanleiding gegee tot die suksesvolle LED beleide en projekte binne die gebied. Die Tygerberg Munisipaliteit kan in hierdie opsig as 'n goeie voorbeeld dien vir ander munisipaliteite om aktief betrokke te raak by die LED ontwikkelingsproses.
- Menslike hulpbronontwikkeling: Die Plaaslike Besigheidsentrum is spesifiek in die Tygerberg munisipale gebied geskep met die doel om mense se kapasiteit deur opleidingsprogramme te verhoog. Die munisipaliteit se regstellende verkrygingsbeleid konsentreer ook spesifiek daarop om die agtergeblewe gemeenskappe die geleentheid te gee om deel te neem aan die ekonomiese aktiwiteite binne die gebied.
- Die gemeenskaps-gebaseerde benadering: Die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk maak voorsiening vir 12 werkwinkels per jaar waar die verskillende belangegroepe uit die gemeenskap betrek word om hul behoeftes voor te lê aan die Tygerberg munisipaliteit. Die gemeenskap word aktief deur die Tygerberg munisipaliteit genader om aktief betrokke te raak by LED prosesse en projekte. Hierdeur word die legitimiteit vir LED aktiwiteite onder die gemeenskap grootliks versterk.
- Bemagtiging en Kapasiteitsbou. Die Tygerberg Munisipaliteit is die enigste voorbeeld in die gevallestudie waar spesifieke kapasiteitsbou en bemagtigingsprojekte voorkom. Die ander studiegebiede neem kapasiteitsbou en

bemagtiging in aanmerking wanneer LED beleide en projekte ontwikkel word, maar het nie spesifieke projekte wat net ten doel het om dit te bevorder nie.

6.5 OOSTENBERG

6.5.1 LED BELEID

Die skrywer het die volgende inligting verkry vanaf mnr. Smal wat deel is van die Beplannings- en Ekonomiese Ontwikkelingsdirektoraat in die Oostenberg Munisipaliteit:

Die Oostenberg Munisipaliteit het nie 'n spesifieke LED beleid nie, alhoewel daar LED beginsels vervat word in die Oostenberg Munisipaliteit se GOP. Hierdie GOP bestaan uit 4 planne, naamlik die Oorhoofse Struktuurplan; Plaaslike Srtuktuurplan; die Kompilasiëplan; en die Groeipunteplan. Laasgenoemde plan identifiseer moontlike gebiede en aktiwiteite binne die Oostenberg Munisipale gebied waar LED bevorder kan word. Wesgro en die KMR het 'n groot rol gespeel in die formulering van die GOP. Die Oostenberg Munisipaliteit maak grootliks staat op befondsing vanaf die Wereldbank en die KMR om die beleid te implementeer. Die Oostenberg Munisipaliteit het grootskaalse sosio-ekonomiese probleme. Daar is 'n grootskaalse behuisingsprobleem in die streek en meeste van die mense wat in die informele plakkersgebiede woon, is werkloos. Die Oostenberg Munisipaliteit het net eenvoudig nie genoeg fondse om hul beleid te implementeer en die grootskaalse sosio-ekonomiese probleme op te los nie.

6.5.2 LED PROJEKTE

Daar is nog baie min projekte in die Oostenberg munisipale gebied geïmplenteer, onder andere die volgende projekte:

- By die ingang van die Bloekombos plakkerskamp het die Oostenberg Munisipaliteit ses formele handelseenhede opgerig wat vir SMME's beskikbaar gestel sal word. Die KMR het R300 000 beskikbaar gemaak vir die oprig van die eenhede. Hierdie eenhede sal deur die gemeenskap self bestuur word. By hierdie ingang tot Bloekombos skuins oorkant waar die eenhede opgerig is, is daar nog gebied oop

waar 'n moontlike taxi-staanplek opgerig kan word. Hierdie potensiele taxi-staanplek kan 'n groot bron van inkomste wees vir die handelseenhede.

- 'n Tweede LED projek wat die Oostenberg Munisipaliteit aangepak het, is die skep van vervoerwisselaar gebiede by Blackheath, Eersterivier en Meltonrose. By hierdie gebiede is informele handelsruimte afgemerkt wat onderdak is. Die Bloekombos Projek is reeds voltooi, en die verskillende vervoerwisselaars sal almal teen die einde van 1999 voltooi wees. Hierdie spesifieke projekte is gekies omdat die KMR die projekte goedgekeur het. Die Oostenberg Munisipaliteit identifiseer moontlike projekte binne hul munisipale gebied, maar het nie die kapasiteit om die aansoeke te hanteer nie. Die Oostenberg Munisipaliteit se projek aansoeke word gerig aan die KMR wat die voorstelle evalueer en dan besluit watter projekte hulle gaan finansier. Die Oostenberg Munisipaliteit identifiseer dus moontlike projekte, maar die KMR besluit watter projekte uitgevoer gaan word. Hierdie spesifieke projekte is gekies omdat dit die meeste werksgeleenthede sou skep met inaggenome die hoeveelheid kapitaal wat beskikbaar was .

Volhoubare ontwikkeling en die bemagtiging van die gemeenskap is twee sleutelwaardes wat in ag geneem word by die implementering van LED projekte. Daar word byvoorbeeld daarop gekonsentreer dat mense se besigheids-, bestuursvaardighede en entrepreneurskapsvaardighede deur opleiding ontwikkel word, voordat 'n besigheidseenheid aan hulle afgestaan word.

6.5.3. EVALUERING VAN DIE BELEID EN PROJEKTE

Dit is volgens Smal nog moeilik om die beleid te evalueer, aangesien die Munisipale Owerheid nog jonk is (2 jaar) en daar nog nie genoeg tyd verloop het om dit te evalueer nie. Die suksesse van die onderskeie projekte is dat baie mense bemagtig is met opleiding in bestuurs-en entrepreneurskap vaardighede. Verder is meeste van die projekte reeds voltooi. Die Bloekombos gemeenskap het self die mense geïdentifiseer wat die klein besigheidseenhede moet bestuur. Die gemeenskap was dus self aktief betrokke by die Bloekombos projek.

Die probleme met die LED projekte is as volg: Daar is ingebreek by die Bloekombos handelseenhede en R7 000 se goedere is gesteel. Die Oostenberg Munisipaliteit het baie min kapitaal om self projekte te identifiseer en te implementeer. Wanneer die

KMR wel finansiering beskikbaar maak vir spesifieke projekte, het die Oostenberg Munisipaliteit slegs 'n maksimum tydperk van 6 maande om die projekte te voltooi. Die Oostenberg Munisipaliteit verkeer onder geweldige druk om projekte te voltooi (wat miskien nie so slegte ding is nie). Die Oostenberg Munisipaliteit kan nog nie die resultate sien van die projekte nie, en weet dus nog nie hoe om projekte aan te pas en te verbeter nie. Die grootste probleem binne die Oostenberg Munisipaliteit is die grootskaalse tekort aan finansiering om LED projekte en beleide uit te voer, alhoewel dit in hierdie gebied die nodigste is.

Die volgende LED benaderings word uit die voorafgaande gedeelte deur die skrywer geïdentifiseer wat deur die Oostenberg munisipaliteit gebruik word:

- **Privaat-Openbare Vennootskappe:** Die Oostenberg munisipaliteit se enigste vennootskapsvorm is 'n koöperatiewe regeringsvennootskap met die KMR. As gevolg van hierdie gebrek aan vennootskappe met ontwikkelingsagentskappe is daar 'n grootskaalse tekort aan kapitaal binne die gebied om LED aktiwiteite te stimuleer.
- **Gemeenskaps-gebaseerde benadering:** Die Oostenberg munisipaliteit het handelseenhede gebou in die Bloekombos plakkerskamp. Sodoende kan ekonomiese aktiwiteit binne die gebied gestimuleer word.
- **Menslike Hulpbronontwikkeling:** Voordat 'n handelseenheid afgestaan word, word die mense se besigheids-, en bestuursvaardighede deur opleiding ontwikkel.

Die Oostenberg munisipaliteit kan egter volgens die skrywer meer doen om kapitaal na die gebied te lok eerder as om te wag vir investering om van self na die gebied te kom. Die grootskaalse tekort aan kapitaal binne die gebied gee aanleiding daartoe dat LED aktiwiteite nie kan plaasvind nie.

6.6 LWANDLE LED PROJEK

Die skrywer het die opening van die Lwandle LED projek bygewoon op die 2de September 1999. Hierdie gesamentlike inisiatief tussen die KMR, Helderberg Munisipaliteit, die privaatsektor en die Kaapstadse Kleinbesigheidsentrum het gelei tot die stigting van die kleinbesigheidshoekie in die Hector Peterson biblioteek in Lwandle. Klein besigheidseienaars sal hierdie gedeelte in die biblioteek kan gebruik om inligting te kry oor tenders, advies oor besigheidsbestuur en finansiering; en die internet, faks en drukwerk fasiliteite kan deur hulle gebruik word.

Die openingstoespraak is gemaak deur mnr. Deacon, die burgermeester van Helderberg. Mnr. Deacon het die volgende beklemtoon in sy toespraak: Die formele sektor is nie meer in staat om die grootskaalse werkloosheidsprobleme op te los nie. Daar moet gekonsentreer word op die informele sektor, veral in die vorm van SMME's. Die Helderberg Munisipaliteit is bewus van die positiewe rol van SMME's in werkskepping, en sy betrokkenheid by hierdie projek is 'n bewys daarvan. Die Helderberg munisipaliteit het 'n R100 000 belê in die Lwandle studie van SMME's wat deur Meglamedia gedoen is.

Na Deacon se toespraak het die burgermeester van Kaapstad die volgende in sy toespraak beklemtoon: 'n Wêreld van geleenthede is oopgemaak deur die opening van die Kleinbesigheidshoekie. Die fasiliteite wat nou beskikbaar is, gee mense toegang tot inligting wat nodig is om die speelveld gelyk te maak tussen ryk en arm mense. Die internet fasiliteite kan deur SMME's gebruik word om by die munisipaliteite te tender vir kontrakte. Die KMR se betrokkenheid by die projek is ook 'n duidelike refleksie van die KMR se nuwe verkrygingsbeleid ("procurement") waar dit poog om klein SMME's te help om te tender vir kontrakte. Die punt was egter beklemtoon dat klein besighede nou self aktief besig moet word om die inligting te gebruik wat nou tot hulle beskikbaar is, sodat hulle openbare kontrakte kan kry, en sodoende werkseleenthede kan verskaf aan werkloses en grootskaalse sosio-ekonomiese probleme.

Meglamedia is aangestel deur die vennootskap om die studie van Lwandle se SMME'S te doen. Die eerste rondte van die studie is reeds voltooi en volgens Meglamedia sal die finale studievoorstelling nie veel verskil van die eerste rondte van die studie nie. Hierdie studie is gedoen om die SMME's se behoeftes te bepaal. Die volgende is bevind: Twee honderd-en-negentien klein besighede is in die gebied geïdentifiseer. Veertig hiervan is shebeens. Tien besighede is geïdentifiseer wat groot genoeg is om te oorleef op die lang duur. Die res van die besighede is baie jonk en funksioneer vanuit plakkereenhede. 'n Kwart van die besigheidseienaars weet waarheen om te gaan wanneer hulle inligting benodig om hulle besighede te bevorder. Veertig persent van die besighede het posadresse. Twee persent van die besighede gebruik die koerant om hulself te bevorder. Vyftig persent van die besighede identifiseer as hul grootste probleem om hulle besighedsgeboue uit te brei. Vyf en twintig persent van die besighede het 'n kapitaaltkort. Twintig persent

van die besigheidseienaars is van mening dat hulself hulle geboue kan verbeter. Veertig persent van die besighede wil uitbrei. Die studie het twee groot behoeftes geïdentifiseer: Die besighede het inligting nodig oor hoe om hulle besighede uit te brei; en slegs 10% van die besighede is tans gereed vir kontraktering met die plaaslike owerheid.

Bogenoemde studie toon dus aan dat daar 'n groot behoefte na kapasiteitsbou bestaan by die meeste klein besighede in Lwandle. Aangesien daar egter baie min geld beskikbaar is vir LED projekte, is hierdie juis een van die elemente wat verwaarloos word.

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING

Uit Hoofstuk 5 het dit duidelik na vore gekom dat die nasionale regering die rol van munisipaliteite nie meer net sien as dienslewering instansies nie. Beide die nuwe Grondwet sowel as aspekte van die nasionale regering se wetgewing en beleid vereis nou dat plaaslike owerhede die verantwoordelikheid van ekonomiese ontwikkeling moet oorneem. Hierdie vars mandaat het gelei tot die skepping van 'n nuwe reeks plaaslike beleide en programme wat spesifiek gemik is op werkskepping en armoede vermindering. Baie munisipaliteite het reeds begin met ekonomiese strategieë en planne wat beide hulle tradisionele rol as diensverskaffers en hulle nuwe ontwikkelingsmandaat inkorporeer. Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling as 'n strategie is 'n essensiële deel van hierdie nuwe ontwikkelingsmandaat. Uit die bestudering van die gevallestudies het dit duidelik na vore gekom dat daar nie 'n eenvormige benadering tot LED is nie, aangesien verskillende munisipaliteite op hul eie manier poog om 'n toepaslike rol vir hulself te definieer.

Die skrywer maak die volgende aannames (ten opsigte van) die sukses en mislukking van LED – programme: Die implementeringstydperk van LED programme binne die gebiede wat ondersoek is, is nog jonk (2-3 jaar). Die proses wat gebruik is vir die opstel van die LED beleid het in al die gevalle in minder of meerdere mate hul onderskeie gemeenskappe daarby betrek. Die voordeel hiervan is dat behoeftes bepaal kan word, die onderskeie rolspelers grootliks die beleide as legitiem aanvaar het omdat dit op hulle behoeftes gebaseer was, en sodoende het mense self aktief betrokke geraak by die implementering van LED beleide en projekte. Munisipaliteite het dikwels nie die kapasiteit om gemeenskapsprojekte voltyds te bestuur nie. Hierdie rol word egter in meeste gevalle spontaan deur die gemeenskap oorgeneem omrede die projekte en beleide op hulle behoeftes gebaseer is, en ook omdat die projekte sosio-ekonomiese voordele vir hulle inhou. Voordat die implementeringsrol van projekte oorgedra word aan die gemeenskap, het die munisipaliteit in al die gevalle eers seker gemaak dat projekte lewensvatbaar en volhoubaar sal wees. Hierdie lewensvatbaarheid en volhoubaarheid is verseker deur die

gemeenskapskapasiteit deur opleidingsprogramme uit te brei, sodat hulle oor die vaardighede beskik om projekte suksesvol te implementeer. Munisipale finansiële bronne is egter beperk, en dus is dit belangrik dat projekte suksesvol geïmplementeer word sodat geld nie gemors word nie. Hierdie gemeenskapskapasiteit ontbreek dikwels, wat veroorsaak dat die gemeenskap nie weet hoe om betrokke te raak by aktiwiteite en projekte wat tot hul voordeel sal wees nie. Hierdie gemeenskapsbetrokkenheid is egter die kritiese element wat benodig word vir projekte om suksesvol te wees. Die rol van die munisipaliteit behoort grootliks dié van fasiliteerder, inisieerder en implementeerder te wees. Die ideaal is egter dat die gemeenskap laasgenoemde twee rolle moet vervul.

Munisipale hulpbronne is beperk, en dus het die onderskeie munisipaliteite grootliks staat gemaak op vennootskappe met die privaatsektor, ontwikkelingsagentskappe en die gemeenskap vir bystand. Meeste van die LED projekte konsentreer op die stimulasie van die SMME sektor. Dit word direk of indirek gedoen. Direkte maatreëls sluit in die fisiese voorsiening van handelseenhede waar hierdie SMME's kan funksioneer. Indirekte maatreëls sluit in die voorsiening van bestuurs- en entrepreneurskap vaardighede aan SMME eienaars by opleidingsentrums binne die onderskeie munisipale gebiede. Hierdie vorm dan ook deel van die regstellende verkryging ("procurement") beleid wat al die onderskeie studiegebiede se munisipaliteite aan die begin van 1999 aangeneem het. Hiervolgens word tenders op 'n regstellende basis aan voorheen uitgeslote SMME's gegee. Nog 'n tipe LED projek wat in al die gebiede toegepas word, gebaseer op die verbetering van die SMME sektor, is die skep van besigheidshoekies in biblioteke binne die agtergeblewe gebiede. SMME'S het binne hierdie besigheidshoekies dan toegang tot internet fasiliteite wat hulle kan gebruik om inligting te kry oor spesifieke tender prosedures asook om te tender vir spesifieke kontrakte by die munisipaliteit. Die Lwandle LED projek wat die skrywer besoek het, is 'n voorbeeld hiervan.

Die suksesse van LED aktiwiteite binne die gevallestudies is volgens die skrywer as volg: Meeste van die munisipaliteite het in 'n minder of meerdere mate die verantwoordelikheid aanvaar vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van hulle onderskeie gemeenskappe. Al die verskillende rolspelers binne elke spesifieke gemeenskap is byeengebring sodat behoeftes bepaal kan word en sodat beleide en projekte geformuleer kan word om die spesifieke behoeftes van elke gemeenskap

aan te spreek. Aangesien munisipaliteite nou betrek word by die ontwikkelingsproses is daar 'n groter begrip onder die gemeenskap oor waarheen munisipaliteite se fondse gaan. Samewerking tussen die munisipaliteit en die verskillende rolspelers word hierdeur bevorder. Hierdie samewerking is 'n integrale deel van die sukses of die mislukking van LED aktiwiteite. LED aktiwiteite maak die gemeenskap ook bewus van die voordele wat munisipaliteite aan die gemeenskap bied as die gemeenskap self aktief betrokke raak. Die verskillende LED projekte wat aangepak word deur die munisipaliteite is die projekte wat die grootste verskil sal maak in die verbetering van mense se lewensomstandighede. Alhoewel die voordele van LED aktiwiteite nie bevestigte kan word nie, kan die manier waarop LED funksioneer in die praktyk wel bevestigte word. LED is volgens die skrywer een van die min ontwikkelingsstrategieë wat 'n groot impak kan hê op die verbetering van mense se lewenstandaarde. Hierdie feit beklemtoon juis die noodsaaklikheid dat metodes gevind moet word om die onderstaande probleme met betrekking tot LED in die praktyk aan te spreek:

LED is grootliks nog 'n onbefondsde mandaat. Dit is dus moeilik om befondsing te kry vir die implementering van LED aktiwiteite. Dit is dan ook deur die skrywer bevind dat al die onderskeie munisipaliteite 'n uitgebreide proses gebruik het om 'n LED beleid te formuleer of om LED beginsels te inkorporeer in bestaande beleidsdokumente, maar die befondsing ontbreek daarna om die LED beleid uit te voer. As gevolg van hierdie tekort aan befondsing het al die onderskeie munisipaliteite dan net LED projekte onderneem waar hulle seker was die projek sal volhoubaar wees. Die grootste behoefte vir LED aktiwiteite volgens die skrywer is juis by gemeenskappe wat nie oor die kapasiteit beskik om lewensvatbare projekte te fasiliteer nie. Die finansiering wat benodig word om hierdie kapasiteit te vestig, ontbreek dan dikwels. Die idee agter LED is dan juis dat dit tot op die laagste vlak ontwikkeling moet meebring, selfs onder die armoedigste gemeenskappe. Tans slaag die munisipaliteite nie in hierdie doel nie.

Wat hand aan hand met hierdie probleem gaan, is dat dikwels amptenare nie regtig weet wat ontwikkelingsbeplanning behels nie. Daar is deur die skrywer bevind dat in sekere gevalle munisipaliteite nie eers bewus was van al die verskillende munisipale bates (byvoorbeeld geboue) wat tot hulle beskikking is vir LED aktiwiteite, waar vennootskappe met die privaat sektor bevorder kan word nie. Dienslewering word in

sekere gevalle verwar met ontwikkelingsbeplanning. Amptenare wat verantwoordelik is vir die implementering van LED projekte toon dikwels geen kreatiwiteit om probleme op te los wat bestaan nie. Die gemeenskapsdeelname proses wat gevolg word om konsensus onder gemeenskappe en LED aktiwiteite te vestig, is dikwels 'n uitgerekte proses wat veroorsaak dat die implementering van LED beleide en projekte grootliks vertraag word. Die regering se regulasie raamwerk en administratiewe vereistes waarbinne munisipaliteite funksioneer veroorsaak ook dat LED projekte dikwels vertraag word. Die implementeringstydperk en tydsraamwerk is dus te lank. In plaas daarvan dat 'n LED projek byvoorbeeld in ses maande voltooi kan word, neem dit in sekere gevalle tot agtien maande. Die politici verander ook dikwels hulle prioriteite, wat veroorsaak dat munisipaliteite geforseer word om hul fokus op LED beleide en projekte te verander. Die grootste probleem met die implementering van LED aktiwiteite volgens die skrywer is 'n tekort aan kapitaal, 'n tekort aan gemeenskapskapasiteit en bereidwilligheid om betrokke te raak by LED aktiwiteite, en die interne samestelling en funksionering van LED aktiwiteite binne munisipaliteite. Dit is essensieel dat bogenoemde probleme aangespreek word sodat daar maksimaal gebruik gemaak kan word van al die voordele wat LED as 'n ontwikkelingstrategie kan bied.

Daar is reeds in Hoofstuk 5 en 6 gekyk na moontlike oplossings vir die probleme wat ondervind word met die implementering van LED aktiwiteite op munisipale vlak. Dit word vervolgens saamgevat. As gevolg van die gebrek aan finansiële hulpbronne binne die munisipale struktuur, moet munisipaliteite meer aktief betrokke wees om 'n skakeling tussen privaat-openbare organisasies in die vorm van vennootskappe te vestig. Wat egter hier belangrik is, is dat munisipaliteite munisipale bates, byvoorbeeld grond, moet identifiseer vir ontwikkeling en dan vennootskappe skep sodat die grond ontwikkel kan word. Geïntegreerde ontwikkelingsdoelwitte moet geskep word om 'n skakeling tussen die verskillende regeringsfere te vestig. Hierdeur kan die duplisering van magte uitgeskakel word en verskillende LED programme in verskillende regeringsfere kan by mekaar inskakel. Deur hierdie interaksie kan hulpbronne meer effektief beweeg na die laagste vlak (munisipale vlak) waar dit ook die nodigste is om LED te bevorder. Daar moet ook binne munisipaliteite 'n meer geïntegreerde benadering gevolg word met betrekking tot die interne organisasie van al die verskillende departemente. Sodoende kan verskillende

departemente saamwerk om LED aktiwiteite te bevorder. Die proses wat gebruik word om eenvormigheid te bereik tussen al die verskillende rolspelers, moet in die toekoms vereenvoudig word sodat LED aktiwiteite gladder kan verloop en projekte vinniger voltooi kan word.

Die potensiële sukses van LED as 'n ontwikkelingstrategie kan nie bevraagteken word nie. Die manier waarop LED as 'n ontwikkelingstrategie uitgevoer word, kan wel. LED is een van die ontwikkelingsstrategieë van die toekoms. Om maksimaal voordeel te trek uit al die geleenthede wat LED inhou, moet die nasionale regering meer fondse beskikbaar maak op die plaaslike vlak aan munisipaliteite sodat hulle aktief betrokke kan word by LED aktiwiteite. Plaaslike owerhede moet egter aan die ander kant nie net wag vir die nasionale regering om fondse beskikbaar te maak nie. Hulle moet self aktief betrokke raak by die bemaking van hulle onderskeie gebiede sodat investeerders uit die privaatsektor gelok kan word en ontwikkelingsvennootskappe geskep kan word. Die effektiewe gebruik van munisipale bates kan 'n groot rol speel om hierdie nodige LED ontwikkelingsaksies van die grond af te kry.

Bronnelys

Bingham, M. 1989. *Economic Development in the Third World*. New York: Longman.

Bryant, C. and White, L.G. 1982. *Managing Development in the Third World*. U.S.A: Westview Press.

Burkey, S. 1993. *People First*. London: Zed Books LTD.

Cape Town City Council. 1987. *Local Authority Actions and Policies for Economic Development – A survey of Foreign Precedent*.

Cape Metropolitan Council, 1998. *A study on Local Economic Development*. Unpublished report.

Cashdan, B. 1997. *Local Government and Economic Development*. ESD Resource Centre.

City of Tygerberg. Planning and Economic Development Directorate. 1999. *Business Plan*. Unpublished report.

Coetzee, J.K. and Graaf, J. 1996. *Reconstruction, Development and People*. Johannesburg: Thompson Publishing.

Collinge, C. 1990. The Dynamics of Local Intervention: Economic Development and the Theory of Local Government, *Urban Studies*, 29(1) 57-75.

Department of Constitutional Development .Undated. ***Driving Local Economic Development.***

Department of Constitutional Development. 1999. ***Regulatory study on Local Economic Development.*** Unpublished report.

Dewar,D.1994. Reconstructing the South-African Countryside: The small towns. ***Development Southern Africa.***11(3),August: 361-372.

Harrison,P and Watson, V. 1997. Transforming South Africa's cities: Prospects for the economic Development of Urban Townships. ***Development Southern Africa***14(1),February: 43-60.

Economic and Social Development Committee.1997. ***The work of cities.***CMC. Unpublished report.

Emdon, E. 1999. ***Regulatory Study on Lcal Economic Development.*** Department of Constitutional Development.

Finance Week .1994.Economics : local government strategies.63(7),November :7.

Government's Report to the nation.1998.***The building has begun.*** Unpublished report.

Griesgraber, J.and Gunter,B. 1996. ***Development.***London:Pluto Press.

Harrison,P.and Watson,V. 1997. Transforming South-Africa's cities: Prospects for the economic development of urban townships. ***Development Southern-Africa.***14(1),February: 43-61.

Khan,F. 1996.Procurement Models and SMME Development. ***Local Economic Development News***.1 (2) , August:4.

Kotze ,D.A. 1997. ***Development Administration and Management***. Cape Town: J.L.Publishers.

Maharaj,B. and Ramballi,K.1998.Local Economic Development Strategies in an Emerging Democracy. ***Urban Studies***. 35(1):131-148.

Malecki.1991. ***Technology***. United States: Longman.

Mandela,N. 1996. President Stresses need for Jobs. ***Local Economic Development News***. (1)1, April:1

McMenamin,V. 1996. New LED strategy Proposed for Durban. ***Local Economic Development News***.1(3), December:1.

Meyer,P. 1993. ***Comparative Studies in Local Economic Development***. London: Greenwood Press.

NBI(National Business Initiative). Undated. ***Local Economic Development***. Office of the President. Unpublished report.

NBI (National Business Initiative) Development and Planning Branch. 1996. ***Taking the LEAD: A community resource kit for local economic development***. Office of the President.

Nel,E. 1997. Towards consensus on a Definition of LED. ***Local Economic Development News***. (1) 4, February:1-3.

Nel,E.1998. **Local Economic Development Network**. LED in the South-African context. Unpublished report.

Nussbaum,B. 1997. **Making a Difference**. Florida: Vivlia.

Pieterse,E. 1998. **LEDS, Relevance for Developing Countries and Strategic Choices Regarding Inward and Outward Industrialization**. ESD Resource Centre.

Pieterse,E. Undated. **Summary notes on LEDS**. Cape Metropolitan Council. Unpublished report.

Planact.Undated (a). **Local Economic Development in an IDP Framework**. Unpublished report.

Planact. Undated (b). **Local Economic Development**. Unpublished report.

Reddy,P.S. 1996. **Readings in Local Government Management and Development**. Kenwyn: Juta.

Rogerson,C.M. 1994. Democracy,Reconstruction, and Changing Local and Regional Economic Planning in South-Africa. **Regional Development Dialogue**. 15(1) Summer:102-115.

Rogerson,C.M. 1995. Local Economic Planning in the Developing World. **Regional Development Dialogue**.16(2), April: 6-10.

Seasons, M. 1994. Local Economic Development. **Plan Canada**. Canadian Institute for Planners.

South Peninsula Municipality. 1999. ***A Framework for Local Economic Development***. Wesgro.

Sutton, A. 1985. ***Local Initiatives: Alternative Path for Development***. Maastricht.

Todaro, M. 1989. ***Economic Development in the Third World***. New York: Longman.

Tomlinson, R. 1994. ***Urban Development Planning***. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Ul Haq, M. 1995. ***Reflections on Human Development***. New York: Oxford University Press.

Wesgro. Undated. ***Cape Sector Factsheet***. Unpublished report.

Wesgro. 1999. ***A Framework for LED***. Unpublished report.

Wesgro. Undated. ***Strategic Areas for the Promotion of Job Creation and Economic Development in the Cape Town municipality***. Unpublished report.

Wolpe, R. 1995. ***Local Economic Development Planning in South-Africa*** (M. town and regional planning): University of Cape Town.

Woodward, A. 1994. ***Municipal Entrepreneurship and Energy Policy***. Sweden: Gordon and Breach.

BYLAAG

Vergelykende Tabel van die verskillende munisipale gebiede wat bestudeer is.

Vergelykende Tabel van die verskillende munisipale gebiede wat bestudeer is :

	Suid-Skiereiland Munisipaliteit	Kaapstad Munisipaliteit	Tygerberg Munisipaliteit	Oostenberg Munisipaliteit
Benaderings tot LED	-Tradisionele benadering*** -Ondernemingsbenadering** -Menslike hulpbronontwikkeling*** -Progresiewe benadering** -Infrastruktuurverbetering*** -Bemark die gemeenskap**	-Tradisionele benadering*** -Privaat-openbare vennootskappe*** -Menslike hulpbronontwikkeling** -Gemeenskapsgebaseerde ontwikkeling*** -Progressiewe benadering** -Bemagtiging en volhoubaarheid*** -Bemark die gemeenskap***	-Tradisionele benadering* -Privaat-openbare vennootskappe**** -Menslike hulpbronontwikkeling*** -Gemeenskapsgebaseerde benadering**** -Bemagtiging en kapasiteitsbou****	-Privaat-openbare vennootskappe* -Gemeenskapsgebaseerde benadering* Menslike hulpbronontwikkeling*
LED strukture	Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme Direktooraat	Bepanning en Ekonomiese Ontwikkelingsdirektooraat	Bepanning en Ekonomiese Ontwikkelingsdirektooraat	Bepanning en Ekonomiese Ontwikkelingsdirektooraat
LED beleid/dokument	“A Framework for LED”	3 Afdelings wat met LED werk: - Formele sektor en Internasionale toerisme afdeling; - Wyer Gebied Bestuursafdeling - Opkomende Besigheidsafdeling	1999/2000 Besigheidsplan	Geïntegreerde Ontwikkelingsplan
Doelwitte van beleid		-Kommersiele sektor moet bevoordeel word; -Beleid moet as riglyn dien oor hoe die gebied ekonomies moet groei; -Meetbare en realistiese doelwitte te skep;	-vermindering van armoede en werkskepping; -Implementering van lewensvatbare projekte; -Skepping van vennootskappe; -Samewerking tussen die verskillende vlakke	-Lewenskwaliteit van agtergeblewenes te verbeter; -mensgebaseerde benadering tot ontwikkeling; bemagtiging en volhoubare ontwikkeling

		-Mensgebaseerde benadering tot ontwikkeling moet bevorder word; -Bemagtiging en volhoubare ontwikkeling	van regering	
LED projekte geloods	-Regstellende verkryging; -Entrepreneurskap opleidingsprogramme; -Die skep van internet hoekies; -“Vloot Week” saam met die Vloot; -Westlake projek (Besigheids- en Nywerheidspark en Residensiële Ontwikkeling)	-Opgradering van Athlone stadium; -Plaaslike Industriële Park in Guguletu; -Wetton Landsdowne Korridor projek; -Ekonomiese Ontwikkelingsraamwerke vir elke agtergeblewe gebied;	-3 Besigheidsondersteuningsamptenare is geplaas in 3 Besigheidsondersteuningsentrums; -Informeel handelsareas is afgemerk; -Tygerberg Toerisme Buro is vrygestel; -Internet toegang is geskep in Khayelitsha; -Die proses is begin om `n eenheid te skep wat LED in die toekoms sal dryf; -Strategiese grond is vrygestel vir ontwikkeling; -Mark stalletjies is opgerig in Gebied C in Khayelitsha - `n Ekonomiese Ontwikkelingsraamwerk is voltooi; - `n SMME en `n werkskappingstudie is voltooi; - `n “Three City LED Partnership” is geskep; -R600 000 is verkry vanaf die KMR werkskeppingsfonds; -R500 000 is bekom vanaf die Britse Departement vir Internasionale Ontwikkeling om `n kapasiteitsbou en moneteringsprogram te inisieer	-Oprig van 6 formele handelseenhede by die ingang van die Bloekombos plakkerskamp; -Vervoerwisselaar gebiede is geskep by Blackheath, Eersterivier en Meltonrose
Verskillende rolspelers by die LED aktiwiteite	-IWG; -KMR; -Febdev en Cafda opleidingsentrums; -Suid-Afrikaanse Vloot; -Rolspelers soos verwys na in	-KMR; -Besigheid Teen Misdaad; -Wesgro; -Besigheids Geleentheidsnetwerk -Gemeenskaps-	-Britse Departement vir Internasionale Ontwikkeling; -Glasgow agentskap vir ekonomiese ontwikkelingsprogramme; -Departement van	-KMR; -Wereldbank; -Wesgro;

	Diagram 7 op bladsy 59 -Gemeenskaps-vennootskappe -Wesgro	vennootskappe	Handel en Nywerheid; -KMR; -Gemeenskaps-vennootskappe	
Evaluering van LED beleid en projekte				
Suksesse:	<u>Suksesse:</u> -Die gemeenskap word betrek by LED aktiwiteit wat daartoe lei dat die gemeenskap die beleid as legitiem aanvaar en dit ondersteun.; -Werkseleenthede is geskep; -Die munisipaliteit het die verantwoordelikheid aanvaar om die agtergeblewenes te help;	<u>Suksesse:</u> -Daar was volhoubare ontwikkeling en ekonomiese groei binne die gebied; -Armoede vermindering binne spesifieke gebiede en die verbetering van die lewenstandaard van baie agtergeblewe gemeenskappe; -Meer gelyke verdeling van hulpbronne -Die gemeenskap begin verstaan waarheen munisipale fondse heen gaan en ondersteun baie van die LED beleide en projekte;	<u>Suksesse:</u> -90% van alle LED projekte is op die drumpel van implementasie; -Hierdie munisipaliteit is ook die suksesvolste van al die munisipaliteite wat bestudeer is, om vennootskappe te skep met verskillende organisasies om LED aktiwiteit te inisieer.	<u>Suksesse:</u> -Sekere groepe is bemagtig deur opleiding in bestuurs- en entrepreneurskapvaardighede; -Meeste van die projekte is reeds voltooi;
Probleme:	<u>Probleme:</u> -Moeilik om befondsing te kry vir spesifieke LED beleide en projekte; -Slegs lewensvatbare projekte word ondersteun. Die grootste behoefte bestaan egter vir kapasiteitsbou; -Gebrek aan koördinering binne die toerisme bedryf.	<u>Probleme:</u> -Baie amptenare verstaan nie die konsep van ontwikkelingsbeplanning nie; -Moeilik om befondsing te bekom vir LED aktiwiteit; -Die gemeenskapsdeelnameproses is te lank; -Dis moeilik om gemeenskaplike behoeftes te bepaal	<u>Probleme:</u> -Die kapasiteit ontbreek dikwels om LED projekte te implementeer; -Administratiewe vereistes veroorsaak dat dit die implementering van LED projekte onnodig uitgerek word; -vennootskappe ontbreek dikwels om spesifieke projekte te implementeer; -Finansiering ontbreek dikwels; -Politici wissel dikwels hulle prioriteite	<u>Probleme:</u> -Grootskaalse tekort aan finansiering vir LED aktiwiteit bestaan binne hierdie gebied. Daar word egter ook nie 'n groot poging aangewend deur die munisipaliteit om finansieringshulpbronne te bekom nie. Die munisipaliteit sal volgens die skrywer meer betrokke moet raak by aktiwiteit waar dit poog om finansiering na die gebied te lok.
Algehele ontleding van die sukses van LED aktiwiteit binne die spesifieke munisipaliteit	***	***	****	*

*	**	***	****
Swak	Gemiddeld	Goed	Baie Goed